

'n Onderzoek na die *Nuwe Stemme*-reeks as forum vir ontluikende digters

'n Mini-verhandeling voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die graad

MAGISTER ARTIUM (Kreatiewe Skryfkuns)

Eenheid vir Kreatiewe Skryfkuns

Departement Afrikaans

Fakulteit Geesteswetenskappe

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

deur

Cornel Judels

9710902

Studieleier: Professor Henning J. Pieterse

Februarie 2012

VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar dat die werk in hierdie mini-verhandeling vervat my eie oorspronklike werk is, en dat nie in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit, ter verkryging van 'n graad, voorgelê is nie.

Handtekening

Datum

OPSOMMING

Afrikaanse uitgewers ontvang dikwels manuskripte waarin 'n paar gedigte met meriete voorkom, maar wat nie genoeg gedigte bevat om 'n solo-bundel te regverdig nie. Volgens D.J. Opperman was 'n vorm van publikasie tussen tydskrif en eerste bundel nodig om sodoende die jong digter groter blootstelling te bied. Hierdie idee het gelei tot die publikasie van die twee *Stiebeuel*-bundels en die *Visier*-versameling. In 1997 publiseer Tafelberg die eerste uitgawe van *Nuwe Stemme*, en sedertdien het drie ander uitgawes die lig gesien. Veertien poësie-debute het tot dusver gespruit uit die *Nuwe Stemme*-bundels, waarvan vyf met die Ingrid Jonker-prys vir 'n poësie-debuut bekroon is. Die Eugène Marais-prys is aan vier van die debuutbundels toegeken.

Hierdie studie beoog om die sukses van die *Nuwe Stemme*-reeks as forum vir ontluikende digters te bepaal aan die hand van die aantal digters wat debuteer na hul opname in 'n *Nuwe Stemme*-volume, die pryse wat hierdie poësie-debute ontvang het, asook die leser, of resesent, se reaksie op die tekste.

SLEUTELTERME

Debutant, debuutbundel, resepsie-estetika, resepsie-teorie, solo-digbundel, versamelbundel, verteenwoordiging, verwagtingshorison.

ABSTRACT

Publishers of Afrikaans poetry often receive manuscripts of merit but which do not contain enough poems to justify a solo volume. According to D.J. Opperman, a form of publication between literary journal and a first volume of poetry was required, thereby giving the young poet more exposure and recognition for their work. This idea led to the publication of an anthology of unpublished poets: the two *Stiebeuel* volumes as well as the *Visier* collection. In 1997 Tafelberg published the first collection of *Nuwe Stemme*, since then three more volumes have been published. A total of fourteen poets have debuted following their inclusion in a *Nuwe Stemme* volume. The *Nuwe Stemme* volumes have generated five Ingrid Jonker prizes for a poetry debut and four *Nuwe Stemme* debuts were awarded the Eugène Marais prize.

The aim of this study is to investigate the success of the *Nuwe Stemme* series as forum for upcoming poets. The number of debuts and the prizes received will serve as indicators of the series' success, as well as its reception by the public, who in this study, is represented by the critic.

KEYWORDS

Debut, reception aesthetics, reception theory, anthology of unpublished poets, horizon of expectation.

INHOUDSOPGAWE

<u>Hoofstuk 1 - Oriëntering</u>	1
<u>1.1 Inleiding</u>	1
<u>1.2 Oorsprong en geskiedenis van die bloemlesing saamgestel deur gedigte van ongepubliseerde digters</u>	2
<u>1.3 Die Letterkundige Laboratorium</u>	5
<u>1.4 Werkswyse</u>	6
<u>1.5 Afbakening en hoofstukindeling</u>	7
<u>1.5.1 Afbakening</u>	7
<u>1.5.2 Hoofstukindeling</u>	8
<u>1.6 Samevatting</u>	9
<u>Hoofstuk 2 – Die literêre teks as kommunikasie-middel tussen digter en leser – resepsie-estetika</u>	10
<u>2.1 Inleiding</u>	10
<u>2.2 Die kommunikasieproses</u>	10
<u>2.3 Ontwikkeling van die resepsie-estetika</u>	11
<u>2.4 Die objek van die resepsie-estetika – die leser</u>	15
<u>2.5 Samevatting</u>	16
<u>Hoofstuk 3 – Die kontoere van ’n verslandskap</u>	17
<u>3.1 Inleiding</u>	17
<u>3.2 Verteenwoordiging</u>	17
<u>3.2.1 Demografie</u>	17
<u>3.2.2 Voorleggings en keuring van die Nuwe Stemme-digters</u>	20
<u>3.3 Die resepsie</u>	22
<u>3.4 Die kanonisering van Nuwe Stemme-digters</u>	27
<u>3.5 Samevatting</u>	28
<u>Hoofstuk 4 – Die eerste tree</u>	29
<u>4.1 Inleiding</u>	29
<u>4.2 Die debutante</u>	30
<u>4.2.1 Stiebeuel 1 (1946)</u>	31
<u>4.2.2 Stiebeuel 2 (1965)</u>	32
<u>4.2.3 Visier (1984)</u>	33
<u>4.2.4 Die Nuwe Stemme-reeks (1997-2010)</u>	34
<u>4.3 Samevatting</u>	37
<u>Hoofstuk 5 – Die ervaring</u>	40

5.1	Inleiding	40
5.2	Die vraelys	40
5.3	Verantwoording en kommentaar	47
5.4	Samevatting	49
Hoofstuk 6 – Slotsom		51
6.1	Van 1946 tot nou	51
6.2	Nuwe Stemme en digdebute	52
6.3	Die teksresepsie van Nuwe Stemme	55
6.4	Weerspieël of weerspreek	56
6.5	Deelnemerservaring van Nuwe Stemme	58
6.6	Ter afsluiting	58
BIBLIOGRAFIE		60

Lys van tabelle en grafieke

Tabel 3.1:	Demografie van deelnemers ten opsigte van geslag en ras	24
Grafiek 3.2:	Grafiese voorstelling – demografie van deelnemers	24
Tabel 3.3:	Voorleggings van digters	27
Grafiek 3.4:	Aantal digters en die gemiddelde aantal gedigte wat per digter geplaas is	27
Tabel 3.5:	Kanonisering van <i>Nuwe Stemme</i> -digters	34
Tabel 4.1:	Debuutbundels en pryse tot op 30 September 2011, <i>NS 4</i> ingesluit	45
Grafiek 6.1:	Digdebute uit die <i>Nuwe Stemme</i> -reeks	60
Tabel 6.1:	Debuutbundels uit verskeie versamelbundels, <i>NS 4</i> uitgesluit	61

Hoofstuk 1 - Oriëntering

“*Stiebeuel* wil ’n verdere stap in die openbaarmaking van die jong digter se skeppende werk wees” – Opperman en Le Roux, uittreksel uit die voorwoord van *Stiebeuel 1* (1946).

Inleiding

Afrikaans word oor die algemeen beskou as ’n “kleinerige” taal met beperkte publikasiemoontlikhede en ’n beperkte lesersmark. Uitgewers in Suid-Afrika speel ’n bepalende rol in die ontwikkeling van die letterkunde. Adendorff (2003) noem in die verband: “Sonder ’n deeglike uitgewerstruktuur kan manuskripte nie boeke word nie en kan lesers nie boeke lees nie. Die uitgewer vervul [...] die belangrikste rol as *mediator* tussen die produsent en die gebruiker.” Omrede die beskouing van Afrikaans as ’n “kleinerige” taal, is ’n solo-digbundel vir enige uitgewer ’n finansiële waagstuk. Dit het gelei tot die marginalisering van die genre, ’n tendens wat versterk is aan die einde van twintigste eeu, deur veral die die verval van die voorskryfmark.

Odendaal (2006:105) beskryf in *Perspektief en Profiel 3* (Van Coller, 2006:105) die verandering in die uitgewersbedryf in die tydperk 1998 tot 2003 as “een van die opvallendste buitetekstuele gegewens wat die Afrikaanse poësie [...] betref”. Odendaal gaan voort om te bewys dat in die verlede Nasionale Pers (tans NB-uitgewers) as hoofstroompubliseerder opgetree het, maar dat randuitgewers dit tans doen. Volgens ’n studie wat op poësiepublikasies van 2000 tot 2009 gedoen is, het NB-uitgewers (Tafelberg en Human & Rousseau) gesamentlik 51 bundels gepubliseer, Protea Boekhuis 74, Lapa Uitgewers 8, Kwêla Boeke 6, en ander randuitgewers ’n totaal van 51 (Esterhuizen, 2010).

Uit Odendaal (2006:106) se navorsing is dit duidelik dat die meeste bundels, keure of bloemlesings in 1998 tot 2003 deur kleiner uitgewers uitgegee is, of die bundels was self-publikasies waar onafhanklike keuring en deeglike afronding waarskynlik nie plaasgevind het nie. “Aangesien die ingeligte leserspubliek hulle agterdog jeens bundels wat buite uitgewersverband verskyn selde prysgee, moet aspirerende debuutdigters wat gelees wil word, begin in versamelbundels vir debutante. In hierdie verband speel *Nuwe Stemme* ’n toenemende belangrike rol” (Coetzer, 2010).

'n In-diepte evaluering van die huidige tendense in die uitgewerswese met betrekking to die Afrikaanse poësie val buite die doelstellings van hierdie studie. Tog is dit belangrik na aanleiding van die rol wat uitgewers speel in die persepsie dat poësie gemarginaliseer word. Odendaal (2006:107) is van mening dat die veranderinge in die uitgewersbedryf gepaardgaan met die uitspraak dat die Afrikaanse digkuns 'n "bestaanskrisis" beleef. 'n Verdere bekommernis is dat minder digdebute verskyn en dat jonger Afrikaanse debutante skaarser word – Odendaal verwys hier na 'n "jong stem" wat afwesig raak.

Hierdie persepsie, of werklikheid, is deels as gevolg van druk op hedendaagse poësie om subjektief oorspronklik te wees (Naudé, 2008). Maar die letterkunde is 'n dinamiese sisteem, en daarom is die verwagting dat 'n genre vernuwe en evolueer nie onregverdig nie.

"Die idee van wat oorspronklik is, is dan radikaal aan die verander," volgens Naudé (2008). Naudé is van opinie dat oorspronklikheid nie gemeet word aan of 'n teks subjektief oorspronklik is nie, maar oor "hoe oortuigend dit gedoen word." Hier vestig Naudé die aandag op die leser: hoe 'n leser 'n teks ervaar en interpreteer, bepaal die sukses daarvan.

Die nuwe oorspronklike teks en die wyse waarop dit deur die leser ontvang word, tree in interaksie met mekaar. Hierdie interaksie sal in hierdie studie geteoretiseer word deur die *resepsie-teorie*, meer spesifiek die *resepsie-estetika*.

Oorsprong en geskiedenis van die bloemlesing saamgestel deur gedigte van ongepubliseerde digters

Afrikaanse uitgewers ontvang gereeld manuskripte waarin 'n paar gedigte met meriete voorkom, maar dan is daar nie genoeg om 'n solo-bundel te regverdig nie (Malan, 1998). Die sinvolle publikasie van sulke gedigte het al tot interessante versamelbundels gelei, en dan ook later tot die solo-publikasie van belangrike

digters in die Afrikaanse poësie.

In 'n artikel in *Die Burger* skryf Kannemeyer (1996) dat D. J. Opperman hom in 1946 in Kaapstad vestig as redaksielid van *Die Huisgenoot*. Hier het hy kennisgemaak met jong digters wat reeds in tydskrifte gepubliseer het, maar nog nie genoeg gedigte van kwaliteit bymekaar gehad het om 'n solo-bundel te regverdig nie. Opperman skryf in sy dagboek dat “die jong digter by ons, wat nog nie gebundel het nie, 'n lang tydperk van onsekerheid deurgaans of oorhaastig bundel” (Kannemeyer, 1996). Wat volgens Opperman nodig was, soos later aangedui in die kort voorwoord wat die *Stiebeuel 1*-gedigte begelei, was “'n vorm van publikasie tussen tydskrif en eerste bundel” (Opperman & Le Roux, 1946). Sodoende kry die jong digter groter erkenning en blootstelling vir verdere sifting en kommentaar, en word die jong digter in staat gestel om sy werk te vergelyk met dié van sy tydgenote.

Opperman het die gedagte met F. J. Le Roux bespreek, waarna ingestem is tot uitvoering van so 'n projek, en C. F. Albertyn van Nasionale Pers was bereid om die versamelbundel te publiseer (Kannemeyer, 1996). Onder die titel *Stiebeuel*, het 14 digters hul eerste werk gepubliseer in 1946. Volgens W.E.G. Louw los hierdie bundel “een van die lastige probleme [...] nl. *waar* en *hoe* om te publiseer, op 'n gemaklike en gerieflike wyse op” (Louw, 1946).

Belangrike en gevierde name in die Afrikaanse poësie, soos Sheila Cussons, Barend J. Toerien, Ina Rousseau en G. A. Watermeyer, het uit die eerste *Stiebeuel*-bloemlesing na vore gekom, ten spyte daarvan dat die poësie volgens een resensent beskryf was as “nie werklik groots of eersterangs nie” (Grové, 1965).

In die voorwoord van *Stiebeuel 1* het die samestellers die hoop uitgespreek om ten minste 'n tweede uitgawe te publiseer, en amper 20 jaar later, in 1965, verskyn *Stiebeuel 2*. Twintig digters is in *Stiebeuel 2* opgeneem, waaronder Lina Spies, Wilhelm Knobel, M. M. Walters en Pirow Bekker uitgesonder kan word.

Versamelbundels van ongepubliseerde digters wat latere jare verskyn het met min of meer dieselfde doelstellings as Opperman se *Stiebeuel*, was die minder bekende

Klawer (1966, HAUM), *Brekfis met vier* (1981, Skoppensboer) en *Visier* (1984, Tafelberg).

Klawer het in 1966 verskyn by HAUM, met slegs drie digters. Hierin debuteer D. P. M. Botes saam met twee *Stiebeuel* 2-digters, Menno Stenvert en P. J. de Waal Venter.

In 1981 het *Brekfis met vier* by Skoppensboer verskyn. Deelnemers aan hierdie bundel was André le Roux du Toit, Etienne van Heerden, Daniel Hugo en Peter Snyders. Hierdie bundel word by heruitgawe (2005, Human & Rousseau) as “n tydsdokument” (Hambidge, 2005b) beskryf wat hierdie vier kunstenaars in die tagtigerjare gelanseer het. Al vier is vandag gevierde name in verskeie genres: Le Roux du Toit (Koos Kombuis) is bekend as musikant en romanskrywer, Hugo as radiopersoonlikheid en digter, Snyders as skrywer en Van Heerden as wêreldbekende romanskrywer.

Kort na die verskyning van *Brekfis*, het Tafelberg *Visier* gepubliseer in 1984. Petra Müller en Charles Fryer was die samestellers van agt digters se werk. Volgens ’n resensie was daar “geen groot nuwe ontdekkinge” in *Visier* nie, maar dit was tog “n verkwiklike kennismaking met nuwe stemme” (Brink, 1985). Rosa Smit debuteer in 1987, na haar opname in *Visier*, met *Krone van die narsing* (Tafelberg) en ontvang die Ingrid Jonker-prys vir ’n poësie-debuut.

Die laat tagtigs en negentigs het geen bloemlesings van ongepubliseerde digters in Afrikaans gesien nie. Die bloemlesing van ontluikende digters in Afrikaans wat die ys kom breek het, is *Nuwe Stemme* van Tafelberg in 1997; daar is reeds vier volumes in die reeks. Met die reeks kon Tafelberg ’n stimulant- en ontwikkelaarsrol speel by digters met afgekeurde bundels, asook by digters wat dit nog nie kon of wou waag om bundels aan uitgewers voor te lê nie (Odendaal, 2010).

Net voor die draai van die eeu verskyn *Nuwe Stemme 1* in 1997, onder redakteurskap van George Weideman en Anastasia de Vries. Elf digters is in 122 gedigte aan die verslandskap voorgestel. Die eerste uitgawe is beskryf as “n guns

wat die digter, en die uitgewer, in hierdie tyd aan Afrikaans bewys. Afrikaans leef [...] in verskillende van sy aspekte, vanaf minder gesofistikeerde [...] tot die baie fyn gestileerde en geraffineerde Afrikaans” (Cloete, 1997). Die resepsie van die eerste uitgawe bied genoegsame motivering en *Nuwe Stemme 2* verskyn in 2001 onder redakteurskap van Petra Müller en Nèlleke de Jager. Sestien digters is in hierdie uitgawe opgeneem. In 2005 volg *Nuwe Stemme 3* onder redakteurskap van Antjie Krog en Alfred Schaffer met twintig digters. Die nuutse toevoeging tot die reeks is *Nuwe Stemme 4* (2010) met die gedigte van twee-en-twintig ongepubliseerde digters. Die volume is saamgestel deur Danie Marais en Ronel de Goede. Die aanslag van die *Nuwe Stemme*-reeks, deur elke keer ’n gevestigde naam in die Afrikaanse letterkunde te kombineer met jonger skrywers, sorg vir “’n goeie balans” (Hambidge, 2005c).

Die primêre navorsingsvraag van hierdie studie is die sukses van die *Nuwe Stemme*-reeks as forum vir ontluikende digters. Die reeks se sukses as forum om nuwe stemme aan die Afrikaanse verslandskap bekend te stel, sal gemeet word aan die aantal debute wat daaruit vloei, asook die resepsie van hierdie debute deur die leser. Die leser word in hierdie studie verteenwoordig deur die resensent.

Die sukses van die *Nuwe Stemme*-bundels word in hierdie studie nie gemeet aan die verkoopsyfers of aan die hoeveelheid resensies en artikels wat rondom elke bundel in die media verskyn het nie.

Die Letterkundige Laboratorium

Opperman het ’n verreikende rol gespeel in die ontwikkeling van ontluikende digters. Afgesien van sy bydrae tot die ontstaan van die versamelbundel van ongepubliseerde digters, het Opperman ook die Letterkundige Laboratorium van die Universiteit van Stellenbosch gelei van 1960 tot 1980. Hierna het twee *Stiebeuel*-digters, eers Lina Spies en later Sheila Cussons, die Letterkundige Laboratorium aangebied. Na Cussons as gevolg van gesondheidsredes nie meer daarmee kon voortgaan nie, het die Letterkundige Laboratorium ophou bestaan (Marais, 2001).

Opperman het hom ten doel gestel om digters te help om hul skeppende talent en kritiese vermoëns te ontwikkel. Opperman het dus soortgelyke doelstellings met die Letterkundige Laboratorium én die *Stiebeuel*-bundels gehad.

'n Indiepte-ondersoek om die geskiedenis van die Letterkundige Laboratorium te dokumenteer, is nie die doel van hierdie studie nie. Binne die verband van hierdie verhandeling is dit slegs belangrik om kennis te neem van die bestaan van die kursus wat Opperman ingestel het in 1960. Met hierdie kursus het Opperman sy belangstelling in die openbaarmaking van die ontluikende digter se werk weereens bevestig (*ibid.*), en so die belangrikheid van die ontwikkeling van die jong digter, beklemtoon.

Werkswyse

As teoretiese begroning word gebruik gemaak van die *resepsie-estetika*, geteoretiseer deur Hans Robert Jauss (1982) en Wolfgang Iser (1978), en opgesom deur Segers (1978).

'n Kwalitatiewe hersiening van relevante literatuur en resensies soos verkry vanuit 'n verteenwoordigende veelheid bronne sal lig werp op die resepsie van saamgestelde bundels van ongepubliseerde digters. Verder sal 'n opname van die ervarings en ontwikkeling van digters opgeneem in 'n uitgawe van die *Nuwe Stemme*-reeks verdere insigte bied tot die nut en noodsaaklikheid van die reeks as forum vir ontluikende digters, al dan nie.

Nuwe Stemme sal aan die hand van sy resepsie vergelyk word met van sy voorgangers, naamlik die twee *Stiebeuel*-bundels en *Visier*. Die sukses van die *Nuwe Stemme*-bundels as forum vir ontluikende digters, sal aangedui word deur die resepsie in die media na aanleiding van resensies, asook op grond van die aantal debute wat verskyn het.

Primêre navorsingsmateriaal om die studie te voltooi, is verkry uit koerante, tydskrifte, akademiese handboeke en op die internet. Spesifieke webtuistes op die

internet wat gebruik is, is *Litnet* en *Versindaba* – dinamiese webtuistes vir die digkuns met resensies en artikels oor nuwe publiksasies en aktuele literêre aangeleenthede. Onder die primêre navorsingsmateriaal tel digbundels, versamel- en debuutbundels, artikels en resensies in die pers.

'n Vraelys wat deur deelnemers aan die *Nuwe Stemme*-reeks voltooi is, sal verdere aanduiding gee van die sukses van die bundels as forum vir ontluikende digters. Digters se opinies oor die samestellers, oftewel eerste lesers, sal ook uit die vraelyste na vore kom. Deur die verwerking van die vraelyste is daar, onder andere, 'n opname aangaande die volgende gemaak:

- Verteenwoordiging in die huidige verslandskap in Afrikaans
- Bydrae tot die deelnemer se ontwikkeling as digter
- Solo-bundelvooruitsigte.

Om oorversadiging van die term *Nuwe Stemme* te verhoed, sal voortaan grotendeels na die reeks as slegs *NS* verwys word.

Afbakening en hoofstukindeling

Afbakening

Hierdie studie sal fokus op een van die oplossings wat sedert 1946 aangevoer word om, gedeeltelik, die publikasie-moontlikheid van 'n debuut in die Afrikaanse poësie te verhoog: die bloemlesing van ongepubliseerde digters ter aansporing van 'n debuut.

Onder hierdie bloemlesings tel die volgende:

- *Stiebeuel 1* (Nasionale Pers, 1946) en *Stiebeuel 2* (Nasionale Boekhandel, 1965)
- *Klawer* (HAUM, 1966)
- *Brekfis met vier* (Skoppensboer, 1981)
- *Visier* (Tafelberg, 1984)
- *Nuwe Stemme*-reeks (Tafelberg, 1997-2010).

Die primêre doelstelling van hierdie studie is om die nuttigste projek ter aanmoediging van jong digters om die poësie-arena te betree – die *Nuwe Stemme*-reeks van Tafelberg – se sukses in hierdie aspek te bepaal.

Die resepsie van die bundels *Klawer* en *Brekfis met vier* sal nie ondersoek word in hierdie studie nie, maar sal genoem word waar dit deel vorm van die ontstaan en geskiedenis van versamelbundels van ongepubliseerde digters.

Hoofstukindeling

Ten einde die studie te situeer binne die *resepsie-estetika*, bevat hoofstuk 2 'n historiese en teoretiese oorsig van dié teorie. Terme soos *resepsie-teorie*, *resepsie-estetika* en *verwagtingshorison* word omskryf. Die grondslag is Jauss en Iser se standpunte aangaande die *resepsie-teorie* wat in die 1970's bekend gemaak is, soos beskryf deur onder andere Segers (1978).

Die eerste deel van hoofstuk 3 sal oorwegend kwantitatief van aard wees, en sal fokus op die inhoud van die twee *Stiebeuel*-bundels, *Visier* en die *Nuwe Stemme*-reeks, en of dit 'n verteenwoordigende snit van die Afrikaanse poësie is ten tyde van publikasie. Verteenwoordiging sal bepaal word deur geslag- en rasse-verdeling van digters. Kommentaar sal gelewer word op die tekort aan vroue- en swart digters, al dan nie.

'n Sistematiese, kwalitatiewe ondersoek aan die hand van resensies op hierdie publikasies wat in die media verskyn het sal 'n integrale deel vorm van die tweede deel van hoofstuk 3.

Hoofstuk 4 sal die kwalitatiewe fokus verskerp op die sukses van die versamelbundels, met die aantal debuutbundels wat daaruit spruit as maatstaf. Die prestige van die Ingrid Jonker-prys vir digkuns sal kortliks bespreek word, en debutante wat met hierdie prys en ander bekroon word, sal dien as steun vir die beskouing van die sukses van die ongepubliseerde digters-versamelbundel. In

hierdie hoofstuk sal die kritiek wat die verskeie debuutbundels uitgelok het, bespreek word.

'n Kwalitatiewe ondersoek is geloods in hoofstuk 5, deur onder meer gebruik te maak van vraelyste aan digters, onderhoude met rolspelers en artikels deur deelnemende digters wat in die pers verskyn het. Die bevindinge van die vraelyste wat deelnemers aan die *NS*-reeks voltooi het, word hier bespreek. Hieruit sal die indruk wat deelname aan so 'n bundel op die deelnemer maak, na vore kom en of deelname aan so 'n bundel, en die ontvangs daarvan deur die publiek, jong digters hul poësie-horisonne sal laat wil verskuif tot uitbou van hul digtersprofiële. Die publiek word verteenwoordig deur die resensent.

Hoofstuk 6 bevat die slot, samevatting en bevindings van die voorafgaande studie. Hier sal dit duidelik word of die forum vir ontluikende digters daarin slaag om die digkuns uit bou, vanuit die digter- sowel as die lesersoogpunt.

Samevatting

In 1946 het *Stiebeuel*, die eerste Afrikaanse bundel saamgestel uit die werk van onpubliseerde digters, verskyn met Opperman en Le Roux as samestellers. Die doel van die publikasie, volgens Opperman, was om vir jong digters wat nog nie genoeg werk van kwaliteit het om 'n solo-bundel te regverdig nie, die geleentheid te gee om te publiseer. Sodoende kon hierdie digters wyer blootstelling en erkenning verkry, en ook hul werk vergelyk met die van mede-digters.

Twee uitgawes van *Stiebeuel* het die lig gesien, 1946 en 1965. Sheila Cussons, Lina Spies, Ina Rousseau en M. M. Walters is maar 'n paar digters wat, na hul opname in 'n *Stiebeuel*-bundel, geslaagde debute gelewer en gevestigde name in die Afrikaanse letterkunde geword het.

Na *Stiebeuel 2* (1965) het 'n soortgelyke bundel, *Visier* (Tafelberg), in 1984 verskyn. Rosa Smit was een van die digters wat hierin opgeneem is. In 1997 het Tafelberg weer na vore getree en die *Nuwe Stemme*-reeks ter ondersteuning van jong digters

geloods en sedertdien is daar reeds nog drie uitgawes tot die reeks gevoeg.

Die teoretiese grondslag van hierdie studie is Jauss en Iser se teorieë ten opsigte van die *resepsie-estetika*, soos beskryf in die volgende hoofstuk.

Hoofstuk 2 – Die literêre teks as kommunikasiemiddel tussen digter en leser – resepsie-estetika

“Two people gazing at the night sky may both be looking at the same collection of stars, but one will see the image of a plough, and the other will make out a dipper. The ‘stars’ in a literary text are fixed; the lines that join them are variable” – Wolfgang Iser

Inleiding


In sy boek *Reception Theory* (1984:xii) beskryf Robert C. Holub die *resepsie-teorie* as “a general shift in concern from the author and the work to the text and the reader.” Die *resepsie-estetika* reflekteer ’n paradigmatverskuiwing in die literatuurgeskiedenis en word beskou as ’n reaksie op sosiale, intellektuele en literêre ontwikkelings in Wes-Duitsland gedurende die laat 1960’s (*Ibid.*:xiii).

Hierdie nuwe stroming van die *resepsie-teorie* in die literatuurwetenskap fokus op die funksie van die leser tydens die proses van die letterkundige ervaring. Die belangrikste bydraes in hierdie stroming is gemaak deur Hans R. Jauss en Wolfgang Iser, soos beskryf word in hierdie hoofstuk. Jauss beskryf die literatuurwetenskaplike verskuiwing as volg: “literature and art only obtain a history that has the character of a process when the succession of works is mediated not only through the producing subject but also through the consuming subject – through the interaction of author and public” (*Ibid.*:57).

Die kommunikasieproses

Die literêre werk word beskou as ’n kommunikasieproses waarvan **sender-woordskap-ontvanger** die drie hoof-elemente uitmaak. Sonder enige een van hierdie elemente, vind die kommunikasieproses nie plaas nie. Die kommunikasieproses is

skematies as volg voorgestel deur Jakobson (Segers, 1978:10):



In hierdie model word die sender (outeur of digter) gelyk aan die ontvanger (of leser). Die *resepsie-teorie* is gebaseer op die proses wat 'n leser deurgaans om 'n teks te interpreteer, te konkretiseer, om die betekenis van 'n teks te ongin en te ontsluit. Oor die afgelope eeu het hierdie drie elemente afwisselend die sentrale plek in die literatuurwetenskaplike ondersoek ingeneem (Cloete, 1992:427).

Waarneming is so 'n sentrale konsep in estetika dat daaromheen 'n hele sub-dissipline, *resepsie-estetika*, ontwikkel het. Literêr-teoretiese strominge het sedert die laat 1960's die fokus in die literatuurstudie verplaas vanaf die teks na die leser. In die wydste sin word die term *resepsie-estetika* gebruik vir elke rigting in die literatuurstudie wat die resepsie van literêre werke ondersoek, hetsy van psigologiese of sosiologiese aard (Van Gorp et al., 1984:138-139). In die *resepsie-estetika* word die leser beskou as 'n gevestigde individu binne 'n sekere maatskaplike, politieke-historiese en sosiale raamwerk. Die uitgangspunt van die *resepsie-estetika* is dat betekenis en sinvolheid van die teks nie alleen verborge lê in die skepper daarvan nie, maar ook in die ontvanger daarvan.

Maar hoeveel "mag" tot interpretasie bied die *resepsie-teorie* die leser? Holub (1984:84) skryf: "The literary work is neither completely text nor completely the subjectivity of the reader, but a combination or merger of the two." Hiermee suggereer Holub dat *resepsie-teorie* 'n kreatiewe proses is wat gedurende die lees van die teks plaasvind by die leser, maar laat nie die teks buite rekening nie.

Ontwikkeling van die resepsie-estetika

Die term *resepsie-teorie* kan in die wydste sin gebruik word vir alle aspekte van die literatuurstudie wat gemoeid is met die resepsie van die literêre teks deur die leser (Cloete, 1992:427). In die tweede helfte van die negentiende eeu is die outeur en sy psige, as voor-die-hand-liggende *oorsaak* van die literêre kunswerk" as uitgangspunt

geneem (*Ibid.*), en die leser, histories gesitueerd, volledig verbloem deur sy objektiwiteit. In reaksie op hierdie siening het die klem verskuif sodat die teks vervolgens gedurende die eerste sewentig jaar van die 1900's as 'n "outonome entiteit" gesien is, "n monument wat sy tydlose essensie in 'n monoloog aan lesers van alle tye openbaar" (*Ibid.*).

Binne die *resepsie-teorie* word die teks gesien as 'n "teken wat funksioneer binne 'n histories bepaalde kommunikatiewe stelsel, met besondere klem op die leser as ontvanger van die boodskap van die teks en op die leesproses" (*Ibid.*). Hierdie insigte was 'n gevolg van die vroeë psigologiese benadering, die Russiese formalisme, verskeie literatuurwetenskaplikes wat die aandag begin fokus het op die leser, en veral as gevolg van die Praagse Strukturaliste. Op hierdie verworwenhede, asook die van Mukařovský, het Jauss en Iser voortgebou tot die ontstaan en ontwikkeling van die *resepsie-estetika* in die laat 1960's in Wes-Duitsland (Cloete, 1992:427-428). Die *resepsie-estetika* is dus 'n literatuurwetenskaplike stroming wat die literêre teks vanuit die lesersoogpunt ondersoek.

Jauss beskou die literatuurgeskiedenis as meer as bloot literêre teks, en beskou *resepsie-teorie* en *resepsie-estetika* as 'n proses tussen skepping van die teks, en die ontvangs daarvan. Deur die resepsie van 'n teks te ondersoek, kom na vore dat die teks as objektiewe gegewe nie bestaan nie, en word die opvatting dat die teks as outonome entiteit bestaan, ten sterkste bevraagteken (Segers, 1978:9-10).

'n Teks word 'n gebeurtenis vir die leser en word vergelyk met ander reeds bekende tekste waaruit die leser sy subjektiewe betekenis neem. Die verskillende literêre gebeurtenisse is dus direk afhanklik van die leeservaring van die leser. Hierdie leeservaring word deur Jauss verwoord in die begrip *verwagtingshorison* (Segers, 1978:10). "Vir 'n omskrywing van die wyse waarop lesers 'n teks interpreteer, is die *verwagtingshorison* by Jauss sentraal" (Cloete, 1985:50-52).

Van Gorp et al. (1984:255) beskryf die begrip *verwagtingshorison*, eenvoudig gesien, as die literêre ervaring van die leser. Holub (1984:84) voer aan: "[the term horizon of expectations refers] to an intersubjective or structure of expectations, a system of

references or mind-set that a hypothetical individual might bring to any text.” Die leser se *verwagtingshorison* word gekonstrueer en beïnvloed deur die volgende faktore (Segers, 1978:11):

- Die bekende en aanvaarde norm van die genre waarbinne die relevante teks val;
- Die implisiete verhouding tot die reeds bekende, m.a.w. tekste reeds gelees vanuit dieselfde literêre-historiese tydvak;
- Die teenstelling tussen fiksie en werklikheid, oftewel die onderskeid tussen die poëtiese en die praktiese funksie van taal.

Hierdie faktore impliseer dat die leser die teks slegs kan waarneem binne die raamwerk van sy literêre verwagting soos bepaal deur die horison van sy leserservaring (*Ibid.*).

Die toepassing van die begrip *verwagtingshorison* kan twee belangrike literatuurwetenskaplike vrae beantwoord:

- Eerstens kan die literêre waarde wat ’n teks verteenwoordig, vervat word. Die literêre of estetiese waarde van ’n teks word bepaal deur die afstand tussen die teks ten tyde van verskyning, en die leser se *verwagtingshorison*, d.i. die estetiese distansie. Volgens Jauss is dit bepalend vir die estetiese waarde van die teks dat daar ’n afstand moet wees tussen die teks en die *verwagtingshorison* van die leser op die tydstip van die teks se verskyning (Jauss, 1970:177-178). Namate hierdie afstand kleiner word, nader die teks triviaalliteratuur wat slegs die leser se vertroude gevoelens en verlangens bevestig en vervul (Cloete, 1992:428).
- Tweedens kan daar deur die ondersoek na die *verwagtingshorison* ’n aanduiding gegee word van die wyse waarop lesers ’n teks sal ontvang ten tyde van publikasie. Jauss ag die resepsie-historiese metode onontbeerlik om nie-kontemporêre literatuur ten volle te begryp (Segers, 1978:11).

Jauss verduidelik sy teorie ook as ’n deurlopende dialoog tussen die teks en die ewig veranderende horisonne van opeenvolgende lesers en so besit die literêre teks geen vaste of finale betekenis nie (Abrams, 2009:305).

Dit is duidelik dat die *verwagtingshorison* van 'n sewentiende-eeuse eerste leser van Cervantes se *Don Quixote* verskillend daaruit sien as dié van 'n leser uit die twintigste eeu, en deur verskillende tye se *verwagtingshorisonne* met mekaar te vergelyk, kan die hermeneutiese verskil oorbrug word. Dit beteken dat die afstand tussen ouer teks en die hede oorbrug kon word sodat nie-kontemporêre werk vir die hedendaagse leser meer verstaanbaar word. Jauss sluit aan by Mukařovský en toon aan dat die literêre kunswerk diachronies benader moet word, d.i. binne die resepsiehistoriese reeks waarbinne dit tuishoort (Cloete, 1992:428).

Jauss wil egter ook die teks sinchronies benader om sodoende die komplekse literêre sisteem wat gegeld het tydens die ontstaan van die teks te beskryf. Jauss het later die geskiedenis van die literêre werk verbind met die kultuurgeskiedenis en maatskaplike ontwikkeling sodat literêre ervaring en lewenservaring nader aan mekaar kom (Cloete, 1992:428). Jauss (1982:28) is van mening dat deur die rekonstruksie van die verwagtingshorison waarin die teks in die verlede geskep en ontvang is, vrae gestel kan word wat deur die teks beantwoord kan word, en sodoende die wyse ontdek waarop die destydse kontemporêre leser die teks sou konkretiseer.

Die sterkpunt van Jauss se teorie is dat dit stam uit die verfyning van die reeds vasgestelde raamwerk vir die historiese begrip van die letterkunde (Jauss, 1982:xi). Maar dat Jauss se teorieë nie waterdig was nie, het duidelik geword in die laaste kwarteeu voor die millennium. Onder meer het kritici die belangrikheid van die *verwagtingshorison* erken, maar het dit as 'n vae teoretiese begrip bestempel waarvan die eksplisiete ondersoek moeilik is. Of die rekonstruksie van die verwagtingshorison ook so eenvoudig is as wat Jauss beskryf, is ook betwyfel (Segers, 1978:12). Volgens kritici beskou Jauss die lesers van 'n bepaalde tyd te homogeen, en is daar 'n gebrek aan voldoende sosiologiese differensiasie (Cloete, 1992:428). Jauss (1975:348) het self sy vroeëre opvatting oor die *verwagtingshorison* later gewysig en onderskeid aangedui tussen die *verwagtingshorison* van die leser en die van die teks.

Daar bestaan twyfel of die *resepsie-estetika* wel die paradigroverskuiwing ingelei het waarop aanspraak gemaak word. Tog moet toegee word dat hierdeur aandag gevestig is op die leser se betekenisvolle en fundamentele rol in die literêre proses (Cloete, 1992:429).

Die objek van die *resepsie-estetika* – die leser

Jauss se werk het hoofsaaklik gefokus op die resepsie van die literêre werk. Daarenteen het Wolfgang Iser se ondersoek aandag gegee aan die manier waarop 'n teks invloed uitoefen op die leser, d.i. die werking van die literêre teks. Iser is bepaald besig met die leserrol, d.w.s. die wyse waarop die resepsie gerig word deur bepaalde tekseienskappe- en strategieë (Cloete, 1985:50-52).

Iser benader die *resepsie-teorie* vanuit 'n unieke oogpunt en dekontekstualiseer en dehistoriseer die teks en die leser. In Iser se werk *Die Appellstruktur der Texte* (1970) beweer hy dat daar “geen korrelasie is tussen die fenomeen wat in die literêre teks beskryf word en die objekte in die wêreld van die werklike lewe nie” (Cloete, 1992:428). Die korrelasie wat hier ontbreek dui op 'n “vaagheid” of “onbepaaldheid” wat eie is aan alle literêre tekste en wat die leser stimuleer om die teks op 'n individuele wyse te konkretiseer.

Hierdie “oop plekke”, 'n kernbegrip van die *resepsie-estetika*, vorm 'n fundamentele voorwaarde vir die estetiese respons. Dit vereis 'n aktiewe leserrol en noodsaaklike kommunikasie tussen leser en teks. Die oop plekke, of “vaagheid”, aktiveer die leser se verbeelding en dit is dus die taak van die leser om hierdie oop plekke te vul en die teks op 'n unieke wyse te konkretiseer (Segers, 1978:13). “Die invul van die oop plekke, geskied nie bloot intuitief nie; daar is riglyne in die teks beslote wat bepaal hoe die implisiete leser dit moet doen” (Cloete, 1992:428).

'n Belangrike vertakking van die *resepsie-estetika* wat naas Jauss se historiese en Iser se tekstuele rigtings verskyn het, is die empiries-eksperimentele tak, met Norbert Groeben as een hoofvertegenwoordiger (Cloete, 1992:428). In hierdie beskouing word slegs lewende lesers betrek en sodoende slaag die vertakking

daarin om sommige konsekwensies deur te voer wat vir Iser en Jauss nie moontlik was nie. Die sukses van hierdie vertakking van die *resepsie-estetika* is dat “slegs die werklike leser uitsluitend kan gee oor die juistheid van opvattinge oor die implisiete leser of die *verwagtingshorison*” (*Ibid.*).

Die kommunikatiewe oriëntering van die *resepsie-estetika* word as volg beskryf: “It places the literary text in the middle ground between the author and its readers, the object of study being the web of relationships between the text, the readers and the author” (Van der Merwe, 1988). Hier kan dan ook vlugtig verwys word na die stroom van publikasies wat in die 1980’s verskyn het, naamlik die van Hanelore Link wie se ondersoek ruimte gemaak het vir “die teks as tekendraer” (Cloete, 1992:428-429).

Iser se teorieë is ook nie deur die kritici ontsien nie. Kritiek wat Iser ontvang, is dat hy die outeur, of digter, as deelnemer aan Jakobson se kommunikasieproses, buite rekening laat. Ook Iser se *oop plekke* as waarde-kriterium is bevraagteken, en alhoewel sy kernbegrippe wel nuwe insigte gebring het, vertoon dit te min nuansering en spesifisering (Cloete, 1985:55).

Samevatting

Oor die afgelope eeu het die outeur, teks en leser afwisselend die sentrale plek in die literatuurwetenskaplike ondersoek ingeneem. Binne die *resepsie-teorie*, wat in sy wydste sin gebruik kan word vir alle aspekte van die literatuurstudie wat gemoeid is met die resepsie van ’n teks deur die leser, het Jauss en Iser die *resepsie-estetika* ontwikkel. Binne Jauss se teorie word die teks as outonome entiteit bevraagteken en bestaan die teks nie as objektiewe gegewe nie.

Die term *verwagtingshorison* is sentraal in Jauss se teorie. Volgens Jauss word teksinterpretasie bepaal deur die maatskaplike en sosio-politiese omgewings waarbinne die teks ontvang word. Die leser kan dus slegs die teks interpreteer binne die raamwerk van sy *verwagtingshorison*. Iser se teorie fokus op die werking van die literêre teks. Iser beweer dat daar geen korrelasie is tussen die fenomeen wat in die literêre teks beskryf word en die objekte in die wêreld van die regte lewe nie.

Die *resepsie-estetika* plaas die literêre teks in die middel, tussen outeur en leser, en fokus die stroming op die studie van die web van verhoudinge tussen teks, leser, en outeur.

Die resepsie van die onderskeie versamelbundels sal ondersoek word aan die hand van die teorieë van Jauss en Iser, met die resensent wat die leserspubliek verteenwoordig. Hierdie resepsie word bespreek en uiteengesit in hoofstuk 3.

Hoofstuk 3 – Die kontoere van ’n verslandskap

Inleiding

Elke bloemlesing wat saamgestel word uit gedigte van verskeie digters, hetsy gepubliseer of ongepubliseer, lok ten tyde van die lees daarvan verskeie vrae by die leser uit. Die leser is bewus daarvan dat die saamstel van die bloemlesing afhanklik is van die samesteller se voorkeure, en die leser sal, onder meer, homself afvra of die keuse van digters en gedigte anders kon wees, al dan nie. Verder kan die leser ook die vraag stel of die bloemlesing ’n verteenwoordigende snit is van die huidige verslandskap.

In hierdie afdeling sal ras en geslag as demografiese indikatoren dien om die versamelbundels se verteenwoordiging in die verslandskap te bepaal.

Verteenwoordiging


Demografie

Tabel 3.1 is ’n opsomming van die demografie van die deelnemers aan die versamelbundels, ten opsigte van geslag en ras. Grafiek 3.2 is ’n grafiese voorstelling van hierdie data.

Tabel 3.1: Demografie van deelnemers ten opsigte van geslag en ras

Bloemlesing	% Vrouedigters	% Swart digters
-------------	----------------	-----------------

<i>Stiebeuel 1</i> (1946)	14% (2 uit 14)	0
<i>Stiebeuel 2</i> (1965)	40% (8 uit 20)	0
<i>Visier</i> (1984)	38% (3 uit 8)	0
<i>Nuwe Stemme 1</i> (1997)	45% (5 uit 11)	3% (3 uit 11)
<i>Nuwe Stemme 2</i> (2001)	38% (6 uit 16)	6% (1 uit 16)
<i>Nuwe Stemme 3</i> (2005)	50% (10 uit 20)	25% (5 uit 20)
<i>Nuwe Stemme 4</i> (2010)	45% (10 uit 22)	9% (2 uit 22)



Grafiek 3.2: Grafiese voorstelling – demografie van deelnemers

Slegs 14% van die veertien digters in *Stiebeuel 1* was vroulik. Dit is indrukwekkend dat agt uit twintig *Stiebeuel 2*-digters, 40%, vroulik was, 'n redelik hoë persentasie vir die tydperk. Volgens Van Zyl (1965) moes dié bundel beskou word as “'n spieëlbeeld van die moderne neiging in poësie”, maar bestempel die bundel as “taamlik onsestigs”, en hy betwyfel of die bundel verteenwoordigend is van die indertydse verslandskap waarin dit ontvang is.

Visier (1984, Tafelberg), saamgestel deur Charles Fryer en Petra Müller, het agt nuwe digters aan die leser voorgestel. 38% van die digters was vroue. Hierdie demografiese studie neem nie die ouderdom van digters in ag nie; tog is dit interessant dat die jongste van die *Visier*-digters 30-jaar oud was ten tyde van publikasie. “Hulle verteenwoordig dus 'n effense ouer groep as die jongste

gepubliseerde digters in Afrikaans” (Hugo, 1984). Hugo brei egter verder uit en is van mening dat “die bundel ’n wye spektrum ten opsigte van tema en tegniek” bied, in so ’n mate dat “dit inderdaad as verteenwoordigend van die resentste Afrikaanse poësie beskou kan word.”

Swanepoel (1984) voel *Visier* bied “’n visie op die Afrikaner leefwêreld van die middel tagtigerjare” en in veral Hawkins se werk “is daar sterk sosio-politieke ondertone”.

In *NS 1* (1997) was 45% van die digters vroue teenoor slegs 38% van *NS 2*. Die verdeling was gelykop in *NS 3*, en 10 van die 22 digters was vroue in *NS 4* – 45%.

Dit blyk dus asof die persentasie vroulike digters sedert die verskyning van *NS 1* min of meer konstant gebly het en wissel tussen 38% en 50%. *NS 3* bevat die hoogste persentasie vrouedigters en hoogste persentasie swart digters van al die bundels onder oë.

Die *Stiebeuel*-bundels en *Visier* het slegs blanke digters bevat. Interessant is om op te merk dat die deelname van swart digters vandag steeds laag is. Behalwe vir die belowende 25% in *NS 3*, bevat die ander *NS*-bundels almal minder as 10% swart digters.

Reeds na die verskyning van *NS 2* het die vrae ontstaan: “Waar is die bruin vroue? Was enige van die manuskripte wat voorgelê is die van bruin vroue? Waarvoor sou hul dig?” (Prins, 2010). Slegs 3 uit 11 en 1 uit 16 digters was swart in die eerste en tweede uitgawes respektiewelik. Onder die vyf swart digters in *NS 3*, het opwindende nuwe swart stemme soos Ronelda S. Kamfer en Illona Edwards getel. Kamfer debuteer in 2008 met *Noudat slapende honde* (Kwêla Boeke). Kamfer se bundel het wyd reaksie uitgelok en is goed ontvang, en sy deel die Eugène Marais-prys met Loftus Marais in 2009. Met Kamfer se debuutbundel is ’n leemte gedeeltelik gevul in die Afrikaanse verslanskap, maar gelyktydig is die gebrek aan Afrikaanse bundels uit die bruin of swart gemeenskappe uitgewys. Kamfer se tweede bundel *grond/Santekraam* verskyn in 2011.

In 1996 was 54% van Afrikaanssprekendes swart (Jordaan, 2002). Duidelik is daar 'n tekort aan swart Afrikaanse digters in die letterkunde. Ongelukkig is die rasseverdeling van die voorleggings nie beskikbaar nie, en is dit daarom nie moontlik om te bepaal watter persentasie digters swart digters wel belangstelling toon in die *Nuwe Stemme*-reeks nie.

Voorleggings en keuring van die *Nuwe Stemme*-digters


Vir die samestellers van *NS 4*, Danie Marais en Ronel de Goede, skyn dit uit die verantwoording dat die samestellers voor 'n dilemma te staan gekom het ten tyde van keuring, want “word vernuwing alleen binne die Afrikaanse poësie of in die konteks van die wêreldletterkunde gemeet? Lê die klem op styl of tema?” Die probleem van “smaak”, of die leser se *verwagtingshorison*, staan op die voorgrond.

Tabel 3.3 bevat 'n opsomming van die aantal voorleggings wat deur die uitgewer ontvang is, met die keuringsyfers daarnaas. Ongelukkig is die rasseverdeling van die digters wat voorleggings gemaak het onbekend. Grafiek 3.4 is stel die aantal digters langs die gemiddelde aantal gedigte wat per digter geplaas is.

Afdeling 3.1.2 van hierdie hoofstuk fokus slegs op die *Nuwe Stemme*-reeks.

Tabel 3.3: Voorleggings van digters

Bloemlesing	Voorleggings (aantal digters)	Digters opgeneem	Aantal gedigte per digter in bloemlesing		
			Gem.	Min.	Maks.
<i>Nuwe Stemme 1</i> (1997)	70+	11	11	8	17
<i>Nuwe Stemme 2</i> (2001)	200	16	10	1	21
<i>Nuwe Stemme 3</i> (2005)	400+	20	6	2	10
<i>Nuwe Stemme 4</i> (2010)	250	22	4	2	6



Grafiek 3.4: Aantal digters en die gemiddelde aantal gedigte wat per digter geplaas is (Nuwe Stemme 1 tot 4)

Tabel 3.3 dui aan dat *NS 1* meer as 70 voorleggings ontvang het. Elf digters is hieruit gekeur wat, soos die samestellers (Anastasia de Vries en George Weideman) aandui in die verantwoording voor in die bundel, “elk op ’n besondere wyse die Suid-Afrikaanse leefruimte van die negentigerjare laat weerklink”. Dit is “’n ryke verskeidenheid van stemme uit alle windstreke en uit die breë Afrikaanse spraakgemeenskap”. Volgens die samestellers, is *NS 1* verteenwoordigend van die tydperk waarin dit gepubliseer is. Binne die beperkte ruimte van ’n versamelbundel is dit moeilik vir die leser om akkurate digtersprofile te vorm. Met die gemiddeld van 11 gedigte per digter in *NS 1*, is die leser die beste kans gegun van al die bundels (sien Grafiek 3.4). Die samestellers van *NS 1* het dit ten doel gehad om die poësie van die 1990’s aan te vul met “stemme wat in die volgende eeu steeds vars en sterk sal klink” (De Vries & Weideman, 1997).

200 voorleggings, van tussen 20 en 30 gedigte elk, is ontvang vir *NS 2* (Nieuwoudt, 2001); slegs 16 digters is gekeur, “elkeen met ’n unieke teenwoordigheid” (Smuts, 2001). De Jager, mede-samesteller van *NS 2*, dui aan dat die keuring van digters vir hierdie uitgawe van verskeie faktore afgehang het, maar “[d]ie belangrikste element was juis die konsep *nuwe stem*. Verwoord die digter iets nuuts? Het hy/sy ’n sterk stem wat deurslaan? Iets eie aan hom of haar?” (Prins, 2001). Volgens Prins (2001)

kan aangeneem word dat meriete die hoofkriteria tydens keuring was.

Volgens Tabel 3.3 het *NS 3* en *NS 4* die meeste voorleggings ontvang, moontlik as gevolg van die gewildheid van die eerste twee uitgawes. *NS 3* het tot op hede die meeste voorleggings ontvang, meer as 400. “Schaffer en Krog het meer as 4000 Afrikaanse gedigte gelees voordat die digters gekies is” (Jordaan, 2005). *NS 4* het 250 digters se voorleggings ontvang. Dalk omrede die talle voorleggings dat die twee uitgawes dan ook heelwat meer digters bevat as hul twee voorgangers: 20 en 22 vir *NS 3* en *NS 4* respektiewelik (sien Grafiek 3.4). Daar is gemiddeld ses gedigte per digter in die derde uitgawe, en vier gedigte per digter in die vierde uitgawe. Meer digters beteken minder gedigte per digter, en die lesersinterpretasie van 4 of 6 gedigte per digter maak profielvorming moeiliker.

Die samestellers van *NS 3*, Antjie Krog en Alfred Schaffer, spreek in hul verantwoording die hoop uit “dat hierdie groep uiteenlopende, sterk, nuwe stemme die droogte in Afrikaanse digbundels gaan breek.” Die samestellers is dit eens dat die bundel wel verteenwoordigend is van die verslanskap ten tyde van publikasie.

Die samestellers van *NS 4* daag die digters in ’n lywige lywige verantwoording uit om “die wêreld volgens hul eie spesifikasies [te] herskep” en sodoende “nuwe wêreld binne die bereik van poësielesers [...] stel.”

Die resepsie

Hierdie afdeling bespreek die resepsie van die relevante bloemlesings deur die leser, in hierdie geval, die resensent. Mukařovský beweer dat daar geen estetiese norm bestaan nie, omrede dit juis die essensie van die estetiese norm is om te verander, te evolueer – dus bly geen nuwe poësie-vorm nuut of vreemd nie. Mukařovský lei dus af dat die teks sy estetiese waarde kan verloor, maar ook in ’n ander tydvak weer kan terugwin (Wellek & Warren, 1986:242).

Die teks wat dan oor ’n verlengde periode esteties van waarde bly en bewonder word, soos byvoorbeeld Van Wyk Louw se *Raka* (1941, Nasionale Pers) in die

Afrikaanse letterkunde, besit dus 'n multivalensie, 'n diversiteit wat nie net tot 'n individu spreek in 'n sekere tydvak nie, maar ten minste tot 'n groep individue in 'n bepaalde tydvak met sy geassosieerde sosio-politiese impakte.

“[T]eksresepsie gebeur in empatiese stilte; vir suiwer oordrag verdien die teks 'n geleentheid om alle kontekstuele verswelging tydelik te weerstaan; [...] die teks is die openbare entiteit, nie die digter nie; die teks skep 'n intersubjektiewe moment tussen digter en leser” (Coetzer, 2010).

Stiebeuel 1 (1946)

Volgens Grové (1965) was *Stiebeuel 1* 'n onderneming wat allesins die moeite werd was, “want al was die poësie indertyd nie werklik groots of eersterangs nie, het dit tog die leser 'n indruk gegee van die gees wat onder jonger figure werkzaam was” en moes die bundel “noodwendig jong digters tot wedywering en publikasie prikkel.”

'n Ander resensie dui daarop dat dit treffend is dat die digters oor die aktuele gebeurtenisse van die veertigerjare dig, onder meer die tekste van Coetzee, Smit en Cussons (Anoniem, 1947).

Volgens Louw (1946) is daar nie een figuur onder die groep digters wat van wie daar kon voorspel word “dat hy 'n groot digter sou word” nie, ten spyte van die “interessante tematiese vernuwinge” en die “verbasende tegniese vaardigheid”. Louw is tog positief en dui aan dat daar “jong kragte” aan die werk is, en “dat die nuwere Afrikaanse poësie [...] nie besig is om dood te loop nie.”

Stiebeuel 2 (1965)

Volgens 'n informatiewe resensie van A. P. Grové (1965) is dit nie maklik om 'n eenheid in hierdie bundel te ontdek nie. Hy is van mening dat daar genoeg verskeidenheid in “inhoud en styl” is, asook in “gees en lewenstelling”. As gevolg van die skrapse aantal debute wat uit *Stiebeuel 1* verskyn het teen 1965, bly Grové sinies, omdat “talle lofryke figure teen alle verwagting in heeltelmal van die literêre toneel” verdwyn het. Alhoewel dit na sy mening bykans onmoontlik is om onder hierdie tweede uitgawe se digters die “ruiters van die toekoms” uit te soek, sonder

Grové wel 'n paar digters uit, onder meer Pirow Bekker en veral Lina Spies. Ten spyte van sy voorbehoude, is die resensie positief afgesluit: “'n interessante bloemlesing wat mooi dinge bevat [...] en wat 'n mens graag sal wil besit.”

Juis as gevolg van Grové (1965) se voorbehoude, benader 'n tweede resensent *Stiebeuel 2* “baie versigtig” (Anoniem, 1965). Volgens hierdie resensent was dit “eienaardig” dat agt van die twintig digters vroue was. Die deelnemers word beskryf as “'n harde, gedeeltelik gedesillusioneerde stel digters [...] al is verskeie nog taamlik jonk en [...] redelik weerloos.” Die resensent plaas slegs “'n vraagteken” agter die werk van M. M. Walters, en die bundel word kortom beskryf as “nie 'n baie sterk bloemlesing nie.”

'n Derde resensent (Van Zyl, 1965) word gekwel deur die “inhoudloosheid” van die gedigte, veral in vergelyking met die gedigte van die dertigers, en beskryf die temas van die werk as “kommerwekkend”, alhoewel van die digters “onmiskienbaar talent het.” Ander gedigte in die bundel word as neutraal beskryf, sonder die “finale vasgryp van 'n groot universele gedagte.” Die gedigte van Bekker, Spies, Knobel, Harteveld en Theron word as “juweeltjies” beskryf, maar volgens die resensent is dit nie moontlik om hul as digters te beoordeel in die beperkte ruimte van die versamelbundel nie. Die resensie word afgesluit met die opinie dat daar “genoeg talent in die bundel versamel [is] van wie mens in die toekoms meer kan verwag”.

***Visier* (1984)**

Hugo (1984) skryf: “*Visier* is 'n opwindende toevoeging tot die klein tradisie van versamelbundels van poësie debutante in Afrikaans”. 'n Ander resensie beskou die inhoud van *Visier* as “op die ou end nie te veel nie, nie genoeg nie” (Le Roux, 1985). Van die gedigte word beskryf as “onopwindend”, “jongeling-agtig”, “meestal tradisioneel”, en “plek-plek effens sentimenteel”. Ander digters, soos Rosa Smit, word geloof met frases soos “[h]ier's iets vars. Van die beste in die bundel.” Ander digters, soos Tim Pretorius, is geklassifiseer as “sterk genoeg om weer te lees”. Anlen Marais “verdien 'n eie bundel” en in Georges Lory se geval is “'n eie bundel regverdig” (Le Roux, 1985). Rabie (1985) beskryf Lory as “about the best of the eight.”

Volgens Brink (1985) was daar “geen groot nuwe ontdekkings” in *Visier* nie; “geen bekendstelling van digters wat lyk asof hulle nog prominent gaan word nie”, maar hy dui tog aan dat dit “’n verkwiklike kennismaking met nuwe stemme” was.

Die Nuwe Stemme-reeks (1997-2010)

NS 1 (1997) is saamgestel deur George Weideman en Anastasia de Vries. Uit 70 voorleggings is 11 digters gekeur vir die bloemlesing. Dit blyk asof die skets van digtersprofiel vir die samestellers die belangrikste kriterium was, na aanleiding van die ruim getal gedigte wat aan digters toegestaan is – tussen 10 en 15.

Malan (1998) waag die voorspelling dat daar minstens vier beduidende solo-debute uit *NS 1* verwag kan word. Cloete (1997) beskryf die eerste uitgawe as “’n werklik opwindende boek” wat “’n standaard stel vir debuterende digters”. Volgens Cloete is dit “merkwaardig dat die meeste van die digters selfstandigheid besit, wat ’n rykdom van afwisseling aan die boek gee”. Verder is die hoop ook uitgespreek in ’n derde resensie dat “van die sterker stemme [...] binnekort hul eie bundels gaan publiseer” (Crous, 1998).

Hambidge (2001) is van mening dat dit “’n genotvolle ervaring [is] om sulke uiteenlopende en goeie stemme in een bundel raak te lees. Die redakteurs het hulle uitstekend van hul taak gekwyd. Daar is iets nuuts aan die gebeur in die Afrikaanse digkuns. Hierdie bundel bewys dit.”

Daar was ook negatiewe resensies. Volgens een resensie “ontbreek hier in die meeste verse [...] die fyn balans van maskering waarin betekenaar en betekende ’n *pas de deux* aangaan” (Conradie, 1998). Conradie is van mening dat die gedigte “belewenisse eggo wat baie treffender gestel is in die voorafgaande Afrikaanse poësie”. Tog is die kritiek daarop gemik om die digters aan te spoor en bring die bundel ’n welkome verandering in die publikasie van poësie. “[A]s aanspingsmateriaal behoort digters hierdie kans(e) aan te gryp” (Conradie, 1998).

Vir die tweede uitgawe het sowat 200 digters tussen 20 en 30 gedigte voorgelê; 16

digters was suksesvol. *NS 2* is ontvang as “kragtige poësie wat aan foto’s in ’n plakboek herinner, omdat aktualiteit telkens persoonlike fokus kry” en “die uiteenlopendheid en kontraste bied ’n gevarieerde leeservaring” (Van Coller, 2001). Die deelnemers is ook beskryf as “gewaag en skroom nie om oor uiteenlopende temas te skryf nie” (Niewoudt, 2001). *NS 2* is “’n fontein”, “’n stroom om deur te waad [...] en die plesier daarvan behoort aan die leser” (De Wet, 2001). “Hierdie bloemlesing gaan [...] ’n *fix* vir vele lesers wees” (Smuts, 2001).

“Met die beste wil ter wêreld kon ek niks vernuwend vind in *Nuwe Stemme 2* nie” lees ’n ander resensie (Snyman, 2001). Dié resensent was minder in sy skik oor die Engafrikaanse gedigte en die gebruik van Kaaps-Afrikaans. Volgens Snyman moet die “Afrikaanse letterkunde [...] met veel meer omsigtigheid omgaan met begrippe soos *digter* en *nuut* (vernuwing)”. Snyman se aanbeveling is dat die leser hierdie bloemlesing moet benader as “’n verkenningstog binne die Afrikaanse letterkunde”, en dat die bundel vanuit hierdie oogpunt van meer waarde is vir die leser. Ten spyte van die meriete wat aangetoon is, is ’n grootse bekommernis dat daar “te veel literêre oëverblindery [is] wat bloemlesers, uitgewerye en self-uitgewers op ons tafels plaas” (Snyman, 2001).

NS 3 het onder die hande van Antjie Krog en Alfred Schaffer tot stand gekom. Sowat 4000 gedigte is voorgelê waaruit 20 digters ge-identifiseer is vir opname – 10 mans en 10 vroue. Krog, wat gedebuteer het “sonder fênsie leestekens” meer as 40 jaar gelede, beskik steeds oor die vermoë om kodes en verwagtinge in die genre te verskuif, en saam met Schaffer is hier digters bekendgestel wat duidelik wil wegbreek van ’n tradisie, wat nuut wil dig. In hierdie uitgawe is Engafrikaans gedigte, Kaaps- Afrikaans gedigte, asook gedigte wat moderne internettaal gebruik. Hierdie kodes en registers word deel van die verse, nie as vreemde woorde nie, maar word vervleg en vorm deel van die variëteite in Afrikaans. “Hierdie is ’n pragtige versameling met digters wat hopelik met nog verse sal kom” (Hambidge, 2005a).

Cilliers (2005) was “bly-verstom oor die gehalte van die poësie” in *NS 3*, want die “nuwe stemme klink goed op die oor”.

Vyf jaar later het die vierde uitgawe in die reeks verskyn onder redakteurskap van Danie Marais en Ronel de Goede. 22 digters is gekeur uit 250 voorleggings.

“Soos eintlik verwag kan word van ’n bloemlesing van hierdie aard, bevat *NS 4* heelwat wat minder indrukwekkend is, selfs studentikoos aandoen” lui ’n resensie van Odendaal (2010), maar daar was ook “digters wie se werk sterker, frisser aandoen”.

Volgens ’n ander resensie is daar “heelwat stemme in hierdie bundel waaroor mens kan opgewonde raak” (Crous, 2010). *NS 4* is “’n kosbare en unieke blik op die toekoms van die Afrikaanse digkuns” (Visagie, 2010).

Hambidge (2010b) dui op die onskerheid van die ongepubliseerde digter: “Die bundel wys [...] op kreatiewe angste. Dit is immers die lot van die jong digter wat sy of haar eie plek moet vind in Afrikaans”.

Die kanonisering van *Nuwe Stemme*-digters

Die *Groot Verseboek* is ’n getuie van die groei van die digkuns in Afrikaans oor byna twee eeue heen. Kanonisering in *Groot Verseboek* is daarom vir sommige digters ’n voorreg. ’n Digter wie se voorlegging vir *NS 4* nie aanvaar is nie, is van mening dat “die eggo van negatiewe teksresepsie skaaf [...] aan die growwighede van die ego. ’n Afgewysde teks lewer [...] ’n beter bydrae tot die menswees van die digter as ’n gepubliseerde of ’n gekanoniseerde een” (Coetzer, 2010). Tog is dit betekenisvol om die aantal digters wat in die bloemlesings van ongepubliseerde digters verskyn het en ook in die *Groot Verseboek* opgeneem is, te beskou (Tabel 3.5). Slegs *Nuwe Stemme*-bundels 1 tot 3 is in ag geneem.

Tabel 3.5: Kanonisering van *Nuwe Stemme*-digters

Bloemlesing	% Digters in <i>Groot Verseboek</i> (2008)
<i>Nuwe Stemme 1</i> (1997)	50% (6 uit 12)

<i>Nuwe Stemme</i> 2 (2001)	75% (12 uit 16)
<i>Nuwe Stemme</i> 3 (2005)	70% (14 uit 20)

NS 4 word nie in berekening gebring nie, omrede dit twee jaar na die *Groot Verseboek* (2008, Tafelberg) verskyn het.

Dit is noemenswaardig dat tussen 50% en 75% van digters wat deelgeneem het aan die eerste drie uitgawes van *Nuwe Stemme* gekanoniseer is in hierdie kroniek van die Afrikaanse poësie.

Samevatting

In hierdie studie is verteenwoordiging ondersoek aan die hand van die demografie ten opsigte van ras en geslag, van die deelnemende digters van die onderskeie bundels en die keuringsproses.

In hoofstuk 2 het die teoretiese raamwerk die belangrike rol wat die leser speel in die resepsie van 'n teks, asook in die verteenwoordiging van 'n versamelbundel, aangedui: in die eerste geval is die leser die resensent, in die tweede geval die samesteller.

In *Stiebeuel 1* en *2* was daar onderskeidelik 14% en 40% vrouedigters. Volgens een resensent is die tweede uitgawe “taamlik on-sestigs” (Van Zyl, 1965). Die aantal vrouedigters in *Visier*, byna 20 jaar later, was min of meer dieselfde, 38%. *Visier* is deur een resensent as “inderdaad [...] verteenwoordigend” beskou (Hugo, 1984). Die *Stiebeuel*-bundels en *Visier* het slegs blanke digters bevat.

Die persentasie vroulike digters sedert die verskyning van *NS 1* het min of meer konstant gebly, en wissel tussen 38% en 50%. *NS 3* bevat die hoogste persentasie vrouedigters (50%) en hoogste persentasie swart digters (25%) van al die bundels van ongepubliseerde digters wat ondersoek is.

Of die bundels demografies verteenwoordigend is van die verslandskap ten opsigte van ras en geslag, is dus betwyfelbaar. Tog het lesers, d.i. resensente en samestellers, in sekere gevalle aangedui dat die inhoud van die tekste die werklikheid verteenwoordig, en dus die verslandskap weerspieël.

Nuwe Stemme-bundels is oor die algemeen verwelkom, alhoewel voorspellings oor verwagte debute gemaak is in die media wat nie altyd bewaarheid is nie. Uitgawes is as “opwindend” en “iets nuuts” beskryf. Sommige resensente was nie beïndruk met die gebruik van Engafrikaans en Kaaps-Afrikaans nie, maar die samestellers van *Nuwe Stemme 3* dui in die verantwoording aan dat hul die nuwe woordeskat van die variëteite “beny”. Digters is beskryf as “minder indrukwekkend” in sekere gevalle, maar dan dui ’n ander resensent aan dat daar weer heelwat digters is “waaroor mens kan opgewonde raak”.

Dit is te verstane dat die versamelbundel van ongepubliseerde digters gemengde leserreaksies sal uitlok. Eerstens is die samesteller as eerste leser, die alleenbepaler van die bundelinhoud. Hambidge (2010b) skryf: “Dit is immers die lot van die jong digter wat sy of haar eie plek moet vind in Afrikaans”, en daarom is hierdie versamelbundels slegs ’n beginpunt vir die jong digter.

Tussen 50% en 75% van digters wat deelgeneem het aan die eerste drie uitgawes van *Nuwe Stemme* is opgeneem in *Groot Verseboek* (Brink, 2008).

Hoofstuk 4 – Die eerste tree

“Jong skrywers moet die aannames van wat poësie is of behoort te wees, afbreek.” – Joan Hambidge.

Inleiding

Opperman, die vader van die konsep van die versamelbundel van ongepubliseerde digters, skryf in *Stiebeuel 1* se kort voorwoord: “Daar is ’n behoefte aan ’n vorm van publikasie tussen tydskrif en eerste bundel” (Opperman & Le Roux, 1946). Opperman was van mening dat ongepubliseerde digters dikwels te onseker is om

die gewaagde stap te neem om 'n manuskrip aan 'n uitgewer te stuur. Die doel van hierdie nuwe tipe bloemlesing was om ongepubliseerde digters die geleentheid te gee om saam met ander ongepubliseerde digters te publiseer en sodoende die ys van onsekerheid te breek.

Hierdie hoofstuk omskryf die sukses van die ongepubliseerdedigters-versamelbundel as eerste stap of ondersteuning op pad na debuutbundels, spesifiek in die lig van individue wat, na die publikasie in een van die bloemlesings, 'n eie bundel gepubliseer het.

Die debute se resepsie sal ook gemeet word aan die literêre pryse wat daaraan toegeken is. Die volgende pryse sal as maatstaf dien:

- Die Ingrid Jonker-prys:
In 1965 stel die vriende van Jonker die prys in wat jaarliks beurtelings toegeken word aan 'n poësie-debuut in Afrikaans of Engels. Die prysfonds is saamgestel uit alle inkomste uit die boeke *In memoriam, Ingrid Jonker* en *Die Sestigers*. Alhoewel die prysgeld nie noemenswaardig is nie, lê die prestige van die prys in die feit dat dit deur digters toegeken word aan 'n digter.
- Die Eugène Marais-prys
Hierdie prys is 'n toekenning van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir 'n eerste of vroeë publikasie en was vroeër bekend as die "Aanmoedigingsprys" en later die "Debuutprys". In 1971 is dit hernoem na Eugène Marais, digter en navorser. Die prys het geen genre-indeling nie, en kan slegs eenmalig aan 'n individu toegeken word. Die prysgeld van R22 000 word tans geborg deur ABSA en *Rapport*.
- Ander pryse waarvan melding gemaak sal word, is die Protea-prys vir poësie, W. A. Hofmeyer-prys en die Reina Prinsen Geerlig-prijs voor Zuid-Afrika.

Verkoopsyfers word nie in hierdie studie as maatstaf gebruik om die sukses van 'n bundel te bepaal nie.

Die debutante

***Stiebeuel 1* (1946)**

Opperman se rol in die uitbou en ontwikkeling van die Afrikaanse literêre-toneel is duidelik: minstens vyf van die digters wat debuteer na hul opname *Stiebeuel 1* (1946), het 'n beduidende invloed op die Afrikaanse poësie gehad: G. A. Watermeyer, Barend J. Toerien, Ina Rousseau en Sheila Cussons.

Twee jaar na *Stiebeuel 1*, debuteer die eerste digter: G. A. Watermeyer met *Sekel en simbaal* (1948, Nasionale Pers). “Meer as vyftig jaar later is die entoesiasme waarmee *Sekel en simbaal* ontvang is, nog verstaanbaar en bly dit [...] 'n besondere debuut” (Olivier, 1999).

Jan Rabie en Bartho Smit, wat in *Stiebeuel 1* verskyn het, het onmisbare bydraes tot die prosa- en dramagenres gelewer. Smit debuteer in 1950 met sy digbundel *Mure: Verse* (1950, Unie Boekhandel), en ontvang die Hertzog-prys vir sy hele oeuvre in 1978.

Vier jaar na Bartho Smit debuteer Ina Rousseau met *Die verlate tuin* (1954, Human & Rousseau), 'n bundel gevoelvolle verse wat met die Reina Prinsen Geerligts-prys voor Zuid-Afrika bekroon is in 1953 terwyl dit nog in manuskripvorm was.

Barend J. Toerien debuteer betreklik laat met *Gedigte* (1960, Nasionale Boekhandel) en publiseer nog sewe bundels hierna.

Sheila Cussons debuteer heelwat later, 24 jaar na haar opname in *Stiebeuel 1*, met *Plektrum* (1970, Tafelberg). Vir haar debuut ontvang Cussons die Ingrid Jonker- en Eugène Marais-prys, asook die W. A. Hofmeyer-prys. Al Cussons se bundels verskyn by Tafelberg. Haar tweede bundel, *Die swart kombuis*, word gepubliseer in 1978, en in dieselfde jaar *Verf en vlam*. In 1979 verskyn *Die skitterende wond* en *Die sagte sprong*. In 1980 publiseer Cussons *Die somerjood* en in 1981 *Die woedende brood* waarvoor sy onder andere die W. A. Hofmeyer-prys ontvang. Hierna het daar nog bundels verskyn: *Gestaltes* (1982), *Verwikkelde lyn* (1983), *Membraan* (1984), *Die heilige modder* (1988), en *Die knetterende woord* (1990) waarvoor sy weer die W. A. Hofmeyer-prys in 1991 ontvang. Drie versamelbundels is ook gepubliseer:

Poems: a selection (1985), *'n Engel deur my kop* (1997) en *Die asem wat ekstase is* (2000). Sy ontvang die Hertzog-prys in 1983 vir haar hele oeuvre, en Tafelberg publiseer na haar dood in 2004 Cussons se *Versamelde gedigte* (2006).

Ander debutante uit *Stiebeuel 1* sluit in C. F. Rudolph met *Tieroog* (1964, Afrikaanse Pers-Boekhandel); H.W. Truter in 1972 met *Kleinhoewe* (Human & Rousseau); Izak Van der Westhuizen met *Kinders van die stad* (1959, J.L. van Schaik); en J.C. Coetzee met *Reisiger in vlamgebied* (1986, Tafelberg).

Daar het altesaam nege debuutbundels uit *Stiebeuel 1* gespruit, waarvan slegs die debuut van Cussons, *Plektrum*, met die Ingrid Jonker- en die Eugène Marais-prys bekroon is.

***Stiebeuel 2* (1965)**

Byna 20 jaar na die eerste bloemlesing verskyn *Stiebeuel 2* (1965), weereens onder redakteurskap van Opperman en Le Roux.

Pirow Bekker debuteer in 1965 met sy bundel *Die klip sing* (Nasionale Boekhandel) na sy gedigte in *Stiebeuel 2* verskyn het. Bekker het ook later gepubliseer in die prosa-, roman- en kinderpoësiegenres.

M.M. Walters debuteer in 1967 met *Cabala* (Nasionale Boekhandel). Vir sy debuut ontvang Walters die Ingrid Jonker- en Eugène Marais-prys. Hy is ook bekroon met die W. A. Hofmeyer-prys in 1967.

John Miles, mede-stigter van Taurus uitgewery, debuteer in 1970 met 'n kortverhaalbundel, *Liefs nie op straat nie* (Kaapstad: Buren). Miles het ook saam met A. J. Coetzee die minder bekende *Drumpel* (1970) saamgestel uit gedigte van skoliere. Onder hierdie skoolgaande-digters was Antjie Krog en Barrie Hough. Krog debuteer met *Dogter van Jefta* (Human & Rousseau) in 1970 en het ook haar hand, met groot sukses, gewaag aan ander genres. Hough word veral onthou vir sy bydrae tot Afrikaanse jeuglektuur met onder andere *My kat word herfs* (1986, Tafelberg).

Lina Spies word bekroon met die Ingrid Jonker-prys (1973) en met die Eugène Marais-prys (1972) vir haar debuutbundel *Digby Vergenoeg* (1971, Human & Rousseau).

Ander digdebutante wat uit *Stiebeuel 2* spruit, is P.W. Buys met *Pleroma* (1977, Boekhandel de Jong); Wilhelm Knobel met *Bloedsteen* (1966, Tafelberg); Menno Stenvert met *Vrugvlië* (1986, Tafelberg) en P.A. de Waal Venter met *Kiem* (1963, Nasionale Boekhandel). In 1966 verskyn *Klawer* by HAUM waarin Menno Stenvert en D. P. M. Botes saam met De Waal Venter hul gedigte publiseer. Botes debuteer met *Wat is 'n gewone man* (1965, Afrikaanse Pers-boekhandel) waarvoor hy die Ingrid Jonker-prys ontvang.

Pieter Fourie, meer bekend vir sy dramas en verhoogstukke, het tot op hede nie 'n solo-digbundel gepubliseer na sy verskyning in *Stiebeuel 2* nie, maar het die Hertzog-prys vir sy hele oeuvre ontvang in 2003.

Daar het dus sewe debuutbundels verskyn vanuit die twintig *Stiebeuel 2*-digters.

Visier (1984)

Daar vind 'n tydsvloei van amper 20 jaar plaas na die verskyning van *Stiebeuel 2* in 1965, voor daar weer 'n bloemlesing van ongepubliseerde digters verskyn.

In *Visier* (1984), saamgestel deur Charles Fryer en Petra Müller, is gedigte van agt digters gepubliseer. 'n Interessante deelnemer was Georges Lory wat onder andere 'n handvol Franse gedigte publiseer, en ook Breytenbach help om van sy gedigte in Frans te vertaal.

Donald W. Riekert debuteer na *Visier* met sy unieke bundel volkspoësie *Heuning uit die swarthaak* (1986, Tafelberg) en word bekroon met die Ingrid Jonker-prys.

Rosa Smit is sekerlik die sterkste digter wat na vore gekom het uit die bloemlesing.

Sy debuteer in 1987 met *Krone van die narsing* (Tafelberg) waarvoor sy die Ingrid Jonker-prys ontvang. Haar tweede bundel verskyn egter eers heelwat later: *Die begeleiding van duiwe* (2008, Protea Boekhuis).

Nog 'n digter wat na *Visier* gedebuteer het, is Anlen Marais met *Die wolf in die blare* (1988, Tafelberg). Wium van Zyl debuteer in 1991 met *Oggendvuur* (Tafelberg) en Carol Clark heelwat later met *Tjenkerientjée se oog is swart* (1995, Tafelberg). Gouws (1995) ervaar die gedigte van Clark as “dikwels bloot prosaklonte in versvorm” en dat dit binne die *verwagtingshorison* van Gert Vlok Nel se *Om te lewe is onnatuurlik* (1995, Tafelberg) 'n “groot teleurstelling” is.

Die Nuwe Stemme-reeks (1997-2010)

Nuwe Stemme 1 (1997)

Uit *Nuwe Stemme 1* is Martjie Bosman die enigste digter wat debuteer. Sy publiseer in 2002 haar debuutbundel *Landelik* (Protea Boekhuis) waarvoor sy die Ingrid Jonker-prys ontvang. Hierdie bundel bevat “'n handvol sterk, onthoubare verse” en Bosman beïndruk deur “wég van die self” te skryf (Hambidge, 2003). Bosman se tweede bundel, *Toevallige tekens* (Protea Boekhuis), verskyn in 2010.

Pieter Strauss debuteer met 'n bundel kontreiverhale *Fluitwiel!* (2003, Lapa). Tom Dreyer het 'n belangrike prosadebuut gemaak na *Nuwe Stemme 1* met sy novelle *Erdvarkfontein* (1998, Tafelberg). Dreyer het sedertdien nog novelles en kortverhale gepubliseer, en het vir sy roman *Stinkafrikaners* (2000, Tafelberg) die Eugène Marais-prys ontvang in 2001.

Alhoewel *NS 1* slegs een poësie-debuut opgelewer het, het daar wel digters in ander genres gepubliseer.

Nuwe Stemme 2 (2001)

NS 2 was 'n vonds – van die 16 digters het die helfte tot dusver met 'n solo-bundel gedebuteer.

Ilse van Staden was die eerste digter uit *Nuwe Stemme 2* wat debuteer, met *Watervlerk* (2003, Tafelberg), “’n vlinderslag van ’n goeie lees-ervaring” (De Wet, 2004). Van Staden is bekroon met die Ingrid Jonker- en die Eugène Marais-prys vir haar debuut.

Hans Pienaar debuteer met ’n bundel wat hy self uitgegee het in 2003: *Die taal van voëls*. Dis prysenswaardig dat hierdie bundel op die kortlys vir die Ingrid Jonker-prys was, sonder die redigering en onderskrywing van ’n gevestigde uitgewershuis.

Sarina Dönges debuteer uit *Nuwe Stemme 2* met haar solo-bundel *In die tyd van uile* (2004, Protea Boekhuis). Alhoewel hierdie bundel geen pryse ontvang nie, word dit in dieselfde klas gekeur as die bekroonde debute van Bosman en Van Staden (Odendaal, 2004).

Gilbert Gibson debuteer na sy deelname aan *Nuwe Stemme 2* met *Boomplaats* (2005, Tafelberg) wat op die kortlys vir die Ingrid Jonker-prys was. Hy word beskou as “’n ervare digter” met “die sensitiwiteit vir die veelvuldigheid van die betekenis van die poetiëse woord” (Coetzee, 2006). Gibson het sedertdien verder gepubliseer: *Kaplyn* (Tafelberg) verskyn in 2007 en *Oogensiklopedie* (Tafelberg) in 2009. Hambidge (2010a) beskryf Gibson se talent as “’n besondere digterskap” en as “’n werverdiende wenner” van die Protea-prys.

Bernard Odendaal debuteer in 2007 met *Onbedoelde land* (Tafelberg). Die bundel word beskryf as ’n “lywige bundel” met 64 gedigte, maar dat dit “poësie bevat wat nie bedoel was om reeds gepubliseer te word nie; dit het gevra om strenger gekeur en nog aan gewerk te word” (Spies, 2008).

Jelleke Wierenga se debuutbundel verskyn in 2009. In hierdie debuut, *Bloot mens* (2009, Protea Boekhuis), “het ons in Wierenga ’n nuwe stem” alhoewel die bundel as slegs “bevredigend” ervaar is (Naudé, 2009).

Die debuut *Een hart* van Johannes Prins verskyn by Lapa in 2009. “Die woordspel,

en veral beelde, bevestig die poëtiese gehalte van die bundel” (Coetzee, 2010). Die bundel hou “’n kaleidoskoop van kleur van een hart aan die leser voor” en die gedigte sal “aan elke hart [...] raak wat dit lees” (Liebenberg, 2010).

Toast Coetzer se roman *Naweek* (Tafelberg) verskyn in 2009. Coetzer het ook ’n reisboek op die rak, maar moet nog debuteer as digter.

Melt Myburgh debuteer in 2010 met *Oewerbestaan* (Protea Boekhuis) en word bekroon met die Ingrid Jonker-prys in 2011. “*Oewerbestaan* is ’n bogemiddelde debuutbundel wat baie belofte vir groei en ontwikkeling inhou” (Burger, 2011). “Dis ’n bundel [...] vir die fynproewer” (Anoniem, 2011).

NS 2 het tot op hede 8 debutante aan die verslandskap voorgestel, waarvan twee bundels die Ingrid Jonker-prys ontvang het, en een die Eugène Marais-prys.

Nuwe Stemme 3 (2005)

Uit NS 3 het vier digters tot op hede gedebuteer. Danie Marais was die eerste digter om sy solo-vlerke te sprei en debuteer met *In die buitenste ruimte* (2006, Tafelberg). Marais se debuut is bekroon met, onder andere, die Ingrid Jonker- en Eugène Marais-prys. Marais se tweede tweede bundel volg gou op die eerste; *Al is die maan ’n misverstand* (Tafelberg) verskyn in 2009. Marais word beskou as “’n fyngvoelige digter wat weet hoe om sy woorde én trane te slyp” (Hugo, 2006).

Ronelda S. Kamfer veroorsaak ’n beroering met haar debuut *Noudat slapende honde* (2008, Kwêla Boeke). Sy word beloon deur die Eugène Marais-prys met Loftus Marais te deel in 2009. Haar tweede bundel verskyn in 2011 – *grond/Santekraam* (Kwêla Boeke). Die reaksie op haar tweede bundel is net so positief soos op die eerste. Schaffer skryf: “De gedichten in *grond/Santekraam* gaan echt ergens over, zonder prekerig, simplisties of pamflettisties te worden. Zoiets is razend knap” (Esterhuizen, 2011).

Loftus Marais debuteer in 2009 met *Staan in die algemeen nader aan vensters* (Tafelberg). Volgens De Goede, mede-samesteller van *Nuwe Stemme 4*, getuig

hierdie bundel van “skeppingskrag en vakmanskap” (Anoniem, 2009). Die debuut verower ook die Ingrid Jonker-prys, en deel die Eugène Marais-prys met Ronelda S. Kamfer.

Die belowende Jasper van Zyl, wat as skolier in *Nuwe Stemme 3* opgeneem is, debuteer in 2011 met *Die lewe tussen pikkewyne* (Tafelberg). Die bundel het gemengde reaskie uitgelok. “Beskou van binne die Afrikaanse poësie, maak die bundel ’n sonderlinge indruk,” volgens ’n resensie van C-P Naudé. Naudé reken dat as debuut “moet hierdie sekerlik tel as een van die waagmoedigste tot op hede in Afrikaans”, maar waarsku Van Zyl teen moontlike “slaggate” (Naudé, 2011).

Vier (20%) van die *NS 3*-digters het tot dusver digdebutte gepubliseer, waarvan drie bundels met beide die Ingrid Jonker- en die Eugène Marais-prys bekroon is.

Nuwe Stemme 4 (2010)

Die hoop is uitgespreek deur Hambidge (2010b) dat digters van die “handvol besonder knap verse” soos Fourie Botha, Lewies Botha en dalk Corné Coetzee, sal debuteer met solo-bundels.

Fourie Botha is tot op hede die enigste debutant uit *NS 4* en debuteer met *Donkerkamer* (2011, Queillerie Uitgewers). Volgens een resensie is die verse “heg gestruktureer en netjies afgerond,” maar die leser kry soms “die gevoel dat die fokus op die visuele teen die oppervlak bly vassteek en die leser nie werklik uitdaag om met nuwe oë na dié belowende digter se werk te kyk nie” (Bennett, 2011). Visagie (2011) beskryf Botha as ’n digter wat “dig sonder woede maar wel met vuur [...] geseën met ’n skerp oog vir juiste digterlike woord”.

Samevatting

Die primêre doelstelling van hierdie hoofstuk was om die sukses van die bloemesings van ongepubliseerde digters as forum vir ontluikende digters te bepaal aan die hand van die aantal debute wat daaruit gespruit het. Tabel 4.1 is ’n opsomming van hierdie bevindinge, en sluit al vier die *NS*-bundels in.

Tabel 4.1: Debuutbundels en pryse tot op 30 September 2011, NS 4 ingesluit.

Bloemlesing	Aantal debute	Aantal bekroonde bundels – Ingrid Jonker-prys	Aantal bekroonde bundels – Eugène Marais-prys
<i>Stiebeuel 1</i> (1946)	9 (64%)	1	1
<i>Stiebeuel 2</i> (1965)	7 (35%)	2	2
<i>Visier</i> (1984)	5 (63%)	2	-
<i>Nuwe Stemme 1</i> (1997)	1 (9%)	1	-
<i>Nuwe Stemme 2</i> (2001)	8 (50%)	2	1
<i>Nuwe Stemme 3</i> (2005)	4 (20%)	2	3*
<i>Nuwe Stemme 4</i> (2010)	1 (5%)	-	-
Totaal	35 32% gem.	10	7

* Loftus Marais en Ronelda S. Kamfer ontvang afsonderlike Eugène Marais-pryse in 2009 vir hul onderskeie debuutbundels.

'n Totaal van 35 debuutbundels het gespruit uit die 7 bloemlesings; d.w.s. 32% van al die deelnemende digters (111 in totaal) debuteer met 'n solo-bundel. 49% van die bundels is bekroon met die Ingrid Jonker-prys en/of die Eugène Marais-prys; 'n totaal van 17 pryse.

Uit die NS-reeks het tot dusver 14 digdebutante verskyn. Daar was slegs een debutant uit die eerste uitgawe, Martjie Bosman, en haar bundel is met die Ingrid Jonker-bekroon. NS 2 spog met die meeste debutante, agt (50%), waarvan drie bundels pryswennende debute is. NS 3 het vier debute (20%) opgelewer waarvan twee met beide die Ingrid Jonker- en die Eugène Marais-prys bekroon is. Ronelda S. Kamfer en Loftus Marais word beide bekroon met die Eugène Marais-prys in 2009.

Alhoewel NS 4 ten tyde van hierdie studie nog net een debutant opgelewer het, het resensente die hoop uitgespreek dat daar nog heelwat meer debute te wagte is. Dit is egter nog betreklik vroeg na die verskyning van hierdie uitgawe om die sukses van

NS 4 as forum vir ontluikende digters in diepte te evalueer.

Hoofstuk 5 – Die ervaring

“daai was ... die begin van alles.” – Ronelda S. Kamfer, na die verskyning van haar bekroonde debuut *Noudat slapende honde* (2008) aangaande haar deelname aan *Nuwe Stemme 3*

Inleiding

Hierdie hoofstuk sal die reaksies en ervarings van die deelnemende digters ten opsigte van die *Nuwe Stemme*-reeks beskryf. Die ondersoek sluit 'n vraelys in wat aan 'n verteenwoordigende snit van die deelnemende digters van die *Nuwe Stemme*-reeks gestuur is per e-pos. Twaalf respondente, ten minste een uit elke *NS*-uitgawe, se kommentaar vorm die basis van hierdie hoofstuk. In hierdie hoofstuk word ook, na aan leiding van artikels en briewe in die media wat deur deelnemende digters geskryf is, kommentaar gelewer word op die proses van keuring en teksverwerking.

Die vraelys

Die vraelys het bestaan uit die volgende vrae:

1. Is jy van mening dat die *Nuwe Stemme*-reeks verteenwoordigend is van die huidige verslandskap in Afrikaans?
2. Wat was jou ervaring as deelnemende digter? Indien negatief, verduidelik asseblief kortliks.
3. Was deelname konstruktief vir jou ontwikkeling as digter?
4. Hoe het jy die samestellers ervaar? Was hul ondersteunend/aanmoedigend? Was hul kritiek konstruktief?
5. Sal jy ander digters aanmoedig om deel te neem aan so 'n projek?
6. Dink jy die *Nuwe Stemme*-reeks moet meer gereeld gepubliseer word?
7. Hoe het jy die ander *Nuwe Stemme*-uitgawes ervaar waarvan jy nie deel was nie?
8. Het jy intussen verder gepubliseer?

Indien wel, was dit 'n solo-bundel, enkele of reeks gedigte, of het jy

- gepubliseer binne 'n ander genre?
9. Indien jy nog nie 'n solo-bundel gepubliseer het nie, beplan jy so iets?
 10. Weet jy van ander soortgelyke publikasies, selfs in 'n ander taal bv. Engels?
Indien ja, gee asseblief die titel.
 11. Wat is jou gunsteling forum vir ontluikende digters? Waarom is dit jou gunsteling; is dit byvoorbeeld meer toeganklik of verteenwoordigend as ander forums?
 12. Hoe sien jy die oorbrugging van teksinterpretasie en –ervaring tussen leser en die digter?
 13. Wat, in jou opinie, kan meer gedoen word om ontluikende digters te ondersteun en te ontwikkel?

Al die *NS*-uitgawes is verteenwoordig onder die twaalf respondente wie se terugvoer die basis vorm van hierdie hoofstuk.

Vraag 1: Is jy van mening dat die Nuwe Stemme-reeks verteenwoordigend is van die huidige verstandskap in Afrikaans?

Ja	58%
Nee	25%
Onseker	17%

Respondente was oorwegend van mening dat die *NS*-reeks wel verteenwoordigend is van die verstandskap. Een respondent is van mening dat die *NS*-reeks wel “’n verteenwoordiging” is, maar dat die mate van verteenwoordiging debatteerbaar is. Tot die samestellers en uitgewer se verdediging kan “die samestellers van *NS* ... net werk met dit wat vir hulle gestuur word” en kom die respondent tot die gevolgtrekking dat *NS* “verteenwoordigend [is] van die gemeenskap waarbinne die uitgebedryf gewoonlik funksioneer”.

Vraag 2: Wat was jou ervaring as deelnemende digter? Indien negatief, verduidelik asseblief kortliks

Positief	100%
----------	------

Al die respondente het hul deelname aan *NS* baie positief ervaar. Deelname was oor die algemeen beskryf as “’n wonderlike geleentheid” en “’n voorreg”. Een respondent se ervaring was “’n positiewe en opwindende ervaring – en die eerste geleentheid vir publikasie”. In die woorde van ’n ander respondent: “’n wonderlike hoogtepunt in my lewe” en het deelname aan die *NS*-projek hom “in aanraking gebring met die wêreld daar buite”.

Vir ’n ander respondent was dit “’n wonderlike geleentheid om kritiek op jou werk te kry en om met ander digters te gesels, om nie eens te praat van die kans om jou werk in druk te sien nie.” Dit het vir die respondent ook “as aansporing gedien” om meer te skryf.

Vraag 3: Was deelname konstruktief vir jou ontwikkeling as digter?

Ja 92%

Nee 8%

Slegs een respondent het deelname nie as konstruktief ervaar nie. Die deelnemer het nie “noodwendig [...] gegroei in vaardigheid nie”, want daarvoor was “die terugvoering te skraal”.

Vraag 4: Hoe het jy die samestellers ervaar? Was hul ondersteunend en aanmoedigend? Was hul kritiek konstruktief?

Positief 100%

Al die respondente wat deelgeneem het aan die studie het die samestellers as leidend, en aanmoedigend met konstruktiewe kritiek ervaar. Respondente is van mening dat daar ’n “balans” was tussen die twee samestellers. Die samestellers is ook as “objektief” beskryf wat “sinvolle areas van verbetering aangedui” het.

Een respondent het wel nie saamgestem “met veranderings wat aangebring is” aan ’n gedig nie, maar het steeds sy “hoogste lof vir die samestellers” uitgespreek. Een respondent wat na publikasie in ’n uitgawe van *NS* die Ingrid Jonker-prys vir ’n debuut ontvang het dui aan: “Dit het my selfvertroue as digter ’n hupstoot gegee [...]”

my laat voel dat die kwaliteit daarvan goed genoeg is vir publikasie. Dit het die aandag op my digterskap help vestig.”

Sommige respondent was nie beskikbaar ten tyde van die werkswinkel nie, maar het met die samestellers via e-pos gekommunikeer en steeds die kritiek en kommunikasie as “positief”, “konstruktief” en “leidend” beskryf.

Een respondent uit *NS 1* het die samestellers as “ondersteunend” ervaar, maar was van mening dat daar “bitter min kritiek” was, moontlik omrede die struktuur nog nie goed gedefinieerd was in 1997 nie. Dié respondent sou “graag meer wou put uit die kundigheid van die samestellers en ’n nouer verbintenis wou sien, miskien selfs iets wat langer sou duur as slegs vir die tyd wat die bundel geneem het om tot by publikasie te kom.”

Vraag 5: Sal jy ander digters aanmoedig om deel te neem aan so ’n projek?

Ja 100%

Alle respondent het aangedui dat hul ander jong digters sou aanmoedig om deel te neem aan hierdie, of ’n soortgelyke, forum vir ontluikende digters.

Vraag 6: Dink jy die Nuwe Stemme-reeks moet meer gereeld gepubliseer word? (Tans word dit elke 4-5 jaar uitgegee)

Ja 42%

Nee 58%

58% van respondente is van die opinie dat die bundel nie meer gereeld as wat tans die tendens is, moet verskyn nie. “Tans word die kwaliteit nie in gedrang gebring deur geforseerde jaarlikse of selfs tweejaarlikse publikasie nie.”

Een respondent is van mening dat dit jaarliks kan verskyn, “dalk as joernaal eerder as bundel.”

Vraag 7: Hoe het jy die ander Nuwe Stemme-uitgawes ervaar waarvan jy nie

deel was nie?

Daar was slegs een respondente wat geen van die ander uitgawes al onder oë gehad het nie. Die res van die respondente het ander uitgawes is positief ervaar. Een respondente “het wonderlike digters se werk leer ken uit ander uitgawes.” Die *NS*-bundels is as “prikkelend” beskryf.

Een respondente uit *NS 4* het by die lees van *NS 3* bewus geword van die projek, en na aanleiding van die verantwoording *NS 3* deur Krog en Schaffer, het die respondente gedigte geselekteer uit sy portefeulje vir suksesvolle voorlegging vir *NS 4*.

Vraag 8: Het jy intussen verder gepubliseer?

Ja 83%

Nee 17%

83% van die respondente het verder gepubliseer, waaronder drie solo-digbundels, een roman, een novelle en selfs een drama. Van die respondente is opgeneem in *Versindaba*-bundels en 25% van die respondente is in Brink se *Groot Verseboek* (Tafelberg, 2008) opgeneem. Twee respondente het gedigte in koerante gepubliseer en op die internet. Van een respondente is twee gedigte deur Gerrit Komrij vertaal en gepubliseer in ’n Nederlandse publikasie.

Vraag 9: Indien jy nog nie ’n solo-bundel gepubliseer het nie, beplan jy so iets?

Al die respondente, buiten die drie wat reeds solo-bundels gepubliseer het, het aangedui dat hulle dit beplan. Alhoewel een respondente “aan ’n konsepbundel werk”, het dié respondente besluit om “vir nou eerder sonder druk ander geleenthede te vind om gedigte te plaas.”

Vraag 10: Weet jy van ander soortgelyke publikasies, selfs in ’n ander taal, bv. Engels? Indien ja, voorsien asseblief die titel.

Geen respondente was bewus van soortgelyke publikasies nie en kon dus geen titels voorsien nie.

Vraag 11: Wat is jou gunsteling forum vir ontluikende digters? Waarom is dit jou gunsteling; is dit byvoorbeeld meer toeganklik en/of verteenwoordigend as ander forums?

“Beslis *Nuwe Stemme*” is die woorde van een respondent, “omdat daar ’n siftings- en ontwikkelingsproses by betrokke is.” Hierdie respondent “hou nie van internetforums sonder konstruktiewe kritiek nie, omdat nuwe digters nie daarby kan groei nie.” Die respondent is ook van mening dat “slypskole dikwels te kortstondig is” en dat “die beste [...] ’n langtermyn mentorskap” is. ’n Ander respondent is van mening dat hierdie reeks oor “outoriteit” beskik en daarom is dit ’n gunsteling forum.

Nog ’n respondent is van mening dat *Litnet* ’n “positiewe ruimte vir ontluikende digters” is. *Woes* is genoem as ’n populêre internetforum, maar omdat die ruimte as “besigheid bestuur word” beteken dit dat “niemand wegge wys word nie” en “almal wat dit kan bekostig is welkom.” *Facebook* is ook genoem as ’n webblad waar daar goeie werk verskyn.

Die *NS 4-digters* is na die bundel se verskyning genooi om op *Versindaba* webblad te “blog”. Hierdie geleentheid het gelei tot een respondent se publikasie in ’n koerant.

Een respondent verkies “poetry slams” waar digters hul eie werk voordra, omrede dit “die gedig toeganklik maak vir die hoorder”.

Vraag 12: Hoe sien jy die oorbrugging van teksinterpretasie en –ervaring tussen leser en die digter?

Vir een respondent is dit “nie belangrik nie” en kan die “teks op sy eie staan.” Indien die “leser die outeur as interteks wil saam lees,” is dit wel van belang. Vir een respondent is dit belangrik dat “mense die goed lees [en dit] hulle eie maak, dit uitknip en op hul yskaste plak.” ’n Ander respondent is van mening “dat lesers wyer moet lees en uitdagings moet aanvaar.”

’n Ander respondent plaas aandag op die tydperk waarbinne die teks gelees word. Hierdie respondent dui aan dat “teksinterpretasies saam met die herinnering aan daardie tydgleuf van mekaar verskil.” Volgens hierdie respondent “ontmoet digter en

leser mekaar in die teks van die gedig, maar [...] die wesentlikheid is dat die leser die gedig met hul eie betekenis vul, en dit brug hier is dan die [...] letters en woorde.”

“Die skrywer stuur hierdie woorde vooruit, maar kan nie bepaal hoe iemand dit gaan lees nie. Die oorbugging [...] kan slegs plaasvind wanneer beide die leser en die skrywer ’n tipe sinopsis beskikbaar maak aan mekaar om insig te gee aan die gedig.”

’n Ander respondent is van mening dat dit “nie noodwendig nodig [is] dat oorbrugging van interpretasie moet plaasvind nie. Die gedig word uiteindelik deur die leser gerealiseer – wat die digter weergee, sy eie interpretasie, is uiteindelik maar een aspek van ’n geheel [...] rondom ’n bepaalde gedig.”

Nog ’n respondent voel dat gedigte “’n intellektuele leser om [die] betekenis te ontsluit” vereis, en hierdie “stigma” klou steeds aan die genre. ’n Ander respondent bring die rol van die media in: “Resensies help dalk om die teks vir die leser te ontsluit”, maar hierdie respondent “voel sterk dat digters meer toeganklik behoort te skryf.”

Vraag 13: Wat, in jou opinie, kan gedoen word om ontluikende digters te ondersteun en te ontwikkel?

Een respondent is se opinie is dat bestaande digters minder moet “oorkom as ’n skrywers elite” [sic] wat hul veld “so aggressief probeer beskerm”. ’n Ander respondent dink dat alternatiewe publikasiegeleenthede, byvoorbeeld op die internet, van waarde kan wees.

Nog ’n mening is dat die grootste werk op skoolvlak gedoen kan word: “As talentvolle jong skrywers net een maal tydens hul skoonloopbaan onder die hande van ’n digter/mentor [...] kan deurloop” kan jong skrywers vroeër geslyp en afgewerk word. Verder moet die publiek bewus gemaak word van kontemporêre poësie en die huidige strominge, omdat lesers grotendeels die genre indentifiseer met name uit ’n ander tydvak, soos Van Wyk Louw en Leipoldt. “Daar het tog baie water onder die brug deurgeloopt sedert daardie mense geskryf het.”

Langtermyn-mentorskappe moet aangemoedig word en “’n bewustheid van en respek vir die kanon” moet deel vorm van ’n digter se ontwikkeling. ’n Ander respondent is ook van mening dat “slypskole en geleenthede vir optredes by feeste en op forums soos Litnet” ontluikende digters kan aanspoor en ondersteun.

Volgens een respondent voorsien die webwerf *Versindaba* “die groeiende digter ook van onskatbare inligting, veral in die artikels waar daar spesifiek oor die skryfprosesse ’n gesprek gevoer word.”

’n Ander respondent roer die finansiële aspekte aan: “Uitgewers sal nooit baie geld daaraan bestee om digbundels te bemark nie, nog minder om digters goed te betaal.” Die respondent is van mening dat “digters [...] hul eie ding [moet] doen”, omdat ’n digter “in Suid-Afrika [...] baie op eie stoom [kan] bereik [...] Skrywers moenie terugsit en wag dat die tradisionele uitgewersbedryf na hulle toe kom nie.”

Nog ’n respondent se meninglui as volg: “Ek dink vir enige jong, ongepubliseerde digter is publikasie in NS net die regte ding op die regte tyd: dit gee jou die vrymoedigheid om voort te gaan met wat jy doen; jy besef skielik jy skryf nie in ’n vakuum nie, maar dat daar wel mense is wat in gedigte belangstel, al is dit dan nou ’n niche-gehoor.”

Verantwoording en kommentaar

Verskeie artikels en rubrieke wat kommentaar lewer op die *NS*-versamelbundels het sedert *NS 1* se publikasie in 1997 verskyn.

Volgens ’n *NS 2* deelnemer “kan ’n mens [...] nie staatmaak op ’n keurposes waarby net een of twee keurders betrokke is nie” en is die *Nuwe Stemme*-reeks vir die digter ’n “doodloopstraat” (Pienaar, 2005). Tog erken die digter dat sy deelname aan die tweede uitgawe “’n baie goeie ding” was.

Om die ontwikkelaarsrol van die uitgewer te bevredig was kommunikasie tussen

digter en samesteller (of leser) nodig. Volgens die vraelyste het die kommunikasieproses in *Nuwe Stemme 1 en 2* hoofsaaklik per e-pos plaasgevind. In *Nuwe Stemme 3 en 4* het die digters, waar moontlik, die samestellers ontmoet tydens 'n daglange werkswinkel.

Alhoewel baie korter, kan die doel van die *NS*-werkswinkel vergelyk word met die Letterkundige Laboratorium van Opperman waar elke student geleentheid gebied is om 'n gedig, nie noodwendig dié van die student nie, te bespreek. Ander studente het ook bygedra tot die bespreking (Marais, 2001).

Na die bekendstelling van *NS 4* het daar 'n artikel op *Versindaba* verskyn waarin 'n digter wie se voorlegging vir hierdie uitgawe nie aanvaar is nie, sy opinie lug dat die werkswinkel met die samestellers daartoe gelei het dat die gedigte in die bundel van die samestellers, Danie Marais en Ronel de Goede, se stemme getuig (Coetzer, 2010). Dit is moontlik dat 'n wanpersepsie ontstaan van wat presies tydens die werksinkels gebeur. Die voorlees van 'n gedig en kommentaar deur 'n handvol ander digters kan “nouliks as 'n werkswinkel bestempel word waarbinne daar genoegsame tyd beskikbaar was vir 'n samesteller om sy of haar stem te laat afdruk” (Botha, 2010). Volgens Botha (2010) duur die werkswinkel slegs 'n oggend, en word daar hoogstens 'n halfuur aan elke digter gewy.

Volgens die kandidaat, 'n deelnemer aan *NS 3*, was die werksinkels nie van so 'n aard dat daar genoegsame interaksie tussen deelnemer en samesteller was dat die “nuwe stem” deur die bekende stem van die samesteller beïnvloed kon word nie. Bespreking van die bydraes in groepsverband het digters gehelp met algemene afronding, wat gevolg is deur 'n individuele sessie met die samesteller(s). Hierdie sessies was volgens die kandidaat oppervlakkig en soms subjektief, maar tog insiggewend.

Ten opsigte van *NS 4* is 'n ander mening dat digtersprofiel skade gely het as gevolg van die wyse waarop die bundel saamgestel is (Coetzer, 2010). Anders as die vorige uitgawes, is die vierde uitgawe tematies ingedeel, en nie gebundel volgens digter nie. Dit was dus moeilik om 'n “gevoel” vir 'n digter te ontwikkel omdat daar meestal

nie meer as een gedig van 'n digter opmekaar volg binne die afdelings nie. Daarby is slegs ses of minder gedigte per digter opgeneem, en is profielvorming moeilik. Dit wil dus voorkom asof die samestellers van *NS 4* meer gefokus was op die weergee van 'n kollektief, 'n sekere tendens of tydvak waarin hierdie bundel hom begeef, en daarom is die gedigte tematies in die bundel verdeel, “alhoewel die tematiese lyn soms vaag was” (Visagie, 2010). Volgens Coetzer (2010) dreig *NS 4* se “tematiese rubrisering om [digters] verder te anonimiseer” en Coetzer beskou *Nuwe Stemme* as “die Afrikaanse poësie se monolitiserende ontgroeningskonsert.”

Baie ongepubliseerde digters is ook bekommerd oor die leser, en die verslandskap, wat aan die genade van die teksresepsie van eerste leser, d.w.s. samesteller, oorgelaat word. “Word 'n eensydige benadering gevolg in die saamstel van hierdie bundels, kan die poësie van die toekoms die produk wees van benaderings wat nie altyd billik was nie en selfs die gevolg was van bevooroordeelde fabrisering” (Coetzer, 2010). Coetzer gaan voort en maak 'n stelling wat deur digter, leser en uitgewer in ag geneem moet word: “Die samestellers van *Nuwe Stemme* het vanweë verskeie redes 'n magsoorsie rondom die toekoms van die Afrikaanse poësie verkry” (Coetzer, 2010).

Samevatting

Al die respondente het hul ervaring as deel van Tafelberg se *Nuwe Stemme*-projek positief ervaar, en sou ander digters aanmoedig om aan die projek deel te neem. Alhoewel deelname vir die meeste respondente 'n aansporing was, was een respondent van mening dat deelname nie konstruktief was vir hom of haar digtersontwikkeling nie, omrede die interaksie met die ervare digter-samesteller te beperk was.

Slegs 58% van die respondente was van mening dat die bundels verteenwoordigend is van die verslandskap ten tyde van die bundel se verskyning. Een respondent is van mening dat die bundels slegs verteenwoordigend is van die voorleggings wat die samestellers ontvang. Uit kommentaar in die media blyk dit dat die samesteller se verwagtingshorison 'n bepalende rol speel in die plasing van tekste wat volgens hom

of haar vernuwend of verteenwoordigend van die werklikheid is; dit is hierdie gedigte wat dan in die bloemlesing opgeneem word.

Vir die meeste respondente was dit 'n voorreg om die samestellers, wat almal gevestigde digters is, te ontmoet. Al die deelnemers het hul as ondersteunend en hul kritiek as konstruktief ervaar. Van die respondente was van mening dat die interaksie tussen samesteller en digter te beperk was vir noemenswaardige insette. 'n Langtermynmentorskap sal volgens een respondent ruimte toelaat vir meer sinvolle bydraes van die ervare digter as samesteller, wat kan lei tot die voller ontwikkeling van die “nuwe stem”.

58% van die respondente is van mening dat die *Nuwe Stemme*-bundels nie meer gereeld as die huidige 4-jaarsiklus uitgegee moet word nie. Dit is moontlik dat meer gereelde publikasie die kwaliteit van die gedigte in gedrang sal bring.

Nie al die respondente het van die ander *NS*-uitgawes onder oë gehad nie. Respondente wat wel het, het die ander uitgawes as “prikkelend” ervaar. *NS* was die respondente se gunsteling forum vir ontluikende digters, alhoewel hul nie bewus is van ander soortgelyke publikasies nie, behalwe vir internetforums soos *Litnet* en *Versindaba*. *Facebook* en *Woes* is ook genoem as forums waar daar goeie werk verskyn. Een respondent voel dat “poetry slams” kan bydra tot digterontwikkeling, omdat digters self hul werk voordra en dit op die wyse meer toeganklik maak vir die hoorder.

83% van die respondente het ten tyde van die navorsing reeds verder gepubliseer. Sommiges het gedigte in koerante en op die internet gepubliseer. Ander respondente is in verskeie *Versindaba*-bundels en die *Groot Verseboek* (Brink, 2008) opgeneem. Respondente het ook gepubliseer in die prosa- en dramagenres.

Die *NS*-digters wat nog nie debuutbundels gepubliseer het nie, het almal in die vraelyste aangedui dat daar wel sulke vooruitsigte is.

Oor teksinterpretasie was een respondent van mening dat 'n teks op sy eie bestaan

en is oorbrugging tussen leser en digter nie noodsaaklik om die sukses van 'n teks te bepaal nie. Hierdie mening word verwoord deur die resepsie-teorie in die tydperk van die literatuurgeskiedenis wat die teks as fokuspunt in die letterkunde beskou het.

Sommige respondente beskou die teks as 'n kunswerk wat die leser sy eie moet maak, d.w.s. die leser moet die teks konkretiseer binne sy bepaalde verwagtingshorison. 'n Ander respondent is van mening dat digter-leserontmoeting plaasvind binne die teks, en dat die tekservering deur beide partye afhang van die tydgleuf waarin die teks ontstaan het, en waarbinne die teks geïnterpreteer word.

Ter ondersteuning en aansporing van ontluikende digters moet gevestigde digters minder as 'n eksklusiewe groep bestaan, is een respondent se mening. Verder is die aanbeveling gemaak dat ontluikende jong stemme reeds op skoolvlak ondersteun en erken moet word. 'n Algemene bewustheid van die huidige verslandskap moet gekweek word by leerders.

Om op te som: die respondente wat deelgeneem het aan die navorsingstudie is almal positief daaroor dat hul deelname aan 'n *Nuwe Stemme*-uitgawe bygedra het tot hul voorgenome toekoms as 'n debutant in die Afrikaanse poësie.

Hoofstuk 6 – Slotsom

“Elke naam is belangrik, elke gedig iets wat onthou moet word deur oog en tong ... elkeen verdien dit om hier te wees, om redes wat aan haar of hom eie is.” – A.P. Brink, uittreksel uit die verantwoording van *Groot Verseboek* (2008).

Van 1946 tot nou

Opperman het reeds in die 1940's die behoefte aan 'n “publikasie tussen tydskrif en eerste bundel” identifiseer, en het die behoefte vervul deur die samestelling van die bloemlesing van ongepubliseerde digters: *Stiebeuel*, saam met F.J. le Roux. Die eerste uitgawe het in 1946 verskyn, en 19 jaar later het die tweede uitgawe verskyn.

Meer as net 'n handvol debute het uit die *Stiebeuel*-publikasies verskyn, 'n totaal van

sestien. Onder hierdie debutante is ikoniese digters wat die kontoere van die Afrikaanse poësielandskap onherroeplik verander het, naamlik Sheila Cussons, Ina Rousseau en Lina Spies onder die vroue, en Barend J. Toerien en M.M. Walters onder die manlike digters. Ander deelnemende digters het bekend geraak in ander genres, o.a. Pieter Fourie in drama.

16 uit die 34 *Stiebeuel*-digters het gedebuteer met solo-bundels, d.i. 47%. Alhoewel slegs 3 van die 16 *Stiebeuel*-debutante bekroon is, het die *Stiebeuel*-bundels ook ander sterk digters soos G.A. Watermeyer, Wilhelm Knobel en die minder bekende Menno Stenvert bekendgestel, alhoewel hul debute nie bekroon is nie. Die drie bekroonde *Stiebeuel*-debutante, *Cabala* (1967, Nasionale Boekhandel) van M.M. Walters, *Plektrum* (1970, Tafelberg) van Sheila Cussons en *Digby vergenoeg* (1971, Human & Rousseau) van Lina Spies het al drie die Ingrid Jonker- én Eugène Marais-prys ontvang.

Na aanleiding van hierdie drie bundels se sukses, asook die ander debute uit *Stiebeuel*, is Opperman se doelstelling bereik en is die versamelbundel as suksesvolle tussenstap aangewend. Alhoewel debute soms eers jare later verskyn het, byvoorbeeld debuteer Cussons eers 24 jaar na haar opname in *Stiebeuel 1*, het digters met meer selfvertroue gedig ná hul opname in die versamelbundel en het sestien digters genoeg gedigte van kwaliteit gelewer om solo-bundels te regverdig.

Cussons, Rousseau, Toerien en Watermeyer is ook op grond van hul gesamentlike debuut in Kannemeyer se literatuurgeskiedenis as 'n literêrhistoriese groep behandel en na aanleiding hiervan staan die belang van so 'n versamelbundel bo verdenking (Hugo, 1984).

Die volgende belangrike bloemlesing soortgelyk aan *Stiebeuel*, is *Visier* (1984, Kaapstad), wat agt nuwe digters aan die poësieleser voorgestel het. Daar het vyf debuutbundels verskyn onder die *Visier*-digters, onder meer die bekroonde bundels van Donald W. Riekert en Rosa Smit.

Nuwe Stemme en digdebutante

Dertien jaar na die verskyning van *Visier*, tree Tafelberg Uitgewers in 1997 na vore met die *Nuwe Stemme*-projek. Sedertdien is daar reeds vier uitgawes gepubliseer. Die primêre doelstelling van hierdie studie was om die sukses van die *NS*-bloemlesings as forum vir ontluikende digters te bepaal aan die hand van die aantal debute wat daaruit gespruit het, en die pryse waarmee die bundels bekroon is.


Uit *Nuwe Stemme 1* het slegs Martjie Bosman gedebuteer met *Landelik* (2002, Protea Boekhuis) waarvoor sy die Ingrid Jonker-prys ontvang.

Agt van die deelnemers uit *Nuwe Stemme 2* het gedebuteer (50%). Twee van hierdie bundels het die Ingrid Jonker-prys ontvang: Ilse van Staden se *Watervlerk* (2003, Tafelberg) en Melt Myburgh se *Oewerbestaan* (2010, Protea Boekhuis). Van Staden se debuut is ook bekroon met die Eugène Marais-prys.

Vier van die *Nuwe Stemme 3*-deelnemers (20%) het tot op hede gedebuteer, waaronder die bundels van Danie Marais, *Uit die buitenste ruimte* (2006, Tafelberg) en Loftus Marais se *Staan in die algemeen nader aan vensters* (2009, Tafelberg) beide met die Ingrid Jonker- en die Eugène Marais-prys bekroon is. Ronelda S. Kamfer deel die Eugène Marais-prys in 2009 met Loftus Marais vir haar debuut *Noudat slapende honde* (2009, Kwêla Boeke). Jasper van Zyl debuteer in 2011 met *Die lewe tussen pikkewyne* (Tafelberg).

Tot op hede het *Nuwe Stemme 4* slegs een debutant opgelewer, naamlik Fourie Botha. Hy debuteer in 2011 met *Donkerkamer* (Queillierie Uitgewers). Hierdie bundel het nog geen pryse ontvang nie, maar die resepsie van die bundel is positief.

Grafiek 6.1 stel die aantal digdebute wat uit die *Nuwe Stemme*-reeks tot op hede gepubliseer is, grafies voor.



Grafiek 6.1: Digdebutante uit die *Nuwe Stemme*-reeks

Na aanleiding van die aantal digdebutante uit *Nuwe Stemme 1-4*, 14 in totaal, is *Nuwe Stemme 2* (2001, Tafelberg) die suksesvolste in die reeks met agt debutante en is hiermee verantwoordelik vir 57% van die digdebutante wat uit die *NS*-reeks gespruit het.

Tabel 6.2 vergelyk die aantal digdebutante van die *Stiebeuel*-bundels, *Visier* en die *Nuwe Stemme*-reeks met mekaar. *NS 4* word hier buite rekening gelaat omdat hierdie bundel in 2010 verskyn het, minder as 'n jaar voor hierdie studie uitgevoer is.

Tabel 6.2: Debuutbundels uit verskeie versamelbundels, *NS 4* uitgesluit

Bloemlesing	Aantal debute	Aantal pryse (Ingrid Jonker- en Eugène Marais-prys)
<i>Stiebeuel 1 & 2</i>	16 (47%)	6 (38%)
<i>Visier</i>	5 (63%)	2 (40%)
<i>Nuwe Stemme 1-3</i>	13 (28%)	9* (69%)
Totaal	34 uit 89 deelnemers (38%)	17 (50%)

*Ingesluit is beide die debute van Ronelda S. Kamfer en Loftus Marais

Volgens Tabel 6.2 het 'n totaal van 34 debuutdigbundels gespruit uit die 2 *Stiebeuel*-bundels, *Visier* en *Nuwe Stemme 1-3*, d.w.s. 38% van die deelnemers aan hierdie

bundels debuteer met 'n solo-digbundel. 50% van die bundels is bekroon met die Ingrid Jonker-prys en/of die Eugène Marais-prys; 'n totaal van 17 pryse.

Volgens Tabel 6.2 het 'n hoër persentasie digters gedebuteer uit die *Stiebeuel*-bundels en *Visier* in vergelyking met *Nuwe Stemme 1, 2 & 3*, en daarom kan die *Stiebeuel*- en *Visier*-versamelings in hierdie opsig meer suksesvol as die *NS*-reeks beskou word. Tog is 69% van die *NS*-digdebute bekroon met die Ingrid Jonker- en/of die Eugène Marais-prys, heelwat meer as die 38% en 40% van die *Stiebeuel*-bundels en *Visier*. NB-uitgewers kan daarom geprys word vir die bydrae wat met *NS* gelewer word tot 'n baie lewendige, en soms vurige, Afrikaanse poësielandskap. Dit is duidelik dat *Nuwe Stemme* sy rol as stimulant en ontwikkelaar vir die ontluikende digter, tot dusver met sukses volgestaan het.

Die teksresepsie van *Nuwe Stemme*

Die teorieë van Jauss en Iser ten opsigte van die resepsie-teorie het die belangrike rol van die leser uitgelig. Die resepsie van die bundels is in hierdie studie ondersoek aan die hand van resensies, d.w.s. die leser as resensent. Mukařovský beweer dat daar geen estetiese norm bestaan nie, dus bly geen nuwe poësie nuut of vreemd nie. Daarom is dit te verstane dat die versamelbundel van ongepubliseerde digters gemengde leserreaksies sal uitlok.

Nuwe Stemme-bundels is oor die algemeen verwelkom, alhoewel voorspellings oor verwagte debute gemaak is wat nie altyd bewaarheid is nie. Die eerste uitgawe is beskryf as “'n werklik opwindende boek” (Cloete, 1997). Volgens Hambidge (2001) was “[d]aar iets nuuts aan die gebeur in die Afrikaanse digkuns” wat deur *Nuwe Stemme 2* bewys is. *Nuwe Stemme 3* het onder meer kritiek ontlok oor die Engafrikaanse en Kaaps-Afrikaanse gedigte. *Nuwe Stemme 4* het ook gemengde reaksie uitgelok. Een resensent beskryf die bundel as “minder indrukwekkend” (Odendaal, 2010). 'n Ander is weer van mening dat daar “heelwat stemme [...] in hierdie bundel [is] waaroor mens kan opgewonde raak” (Crous, 2010).

Weerspieël of weerspreek

Uit die studie is dit dus duidelik dat 'n bloemlesing van hierdie aard verskeie voordele inhou vir beide digter en leser. Sommige deelnemers aan die *Nuwe Stemme*-reeks is die kans gegun om ikoniese digters te ontmoet en in 'n tweegesprek hul voorleggings te bespreek.

Dit is egter duidelik dat daar ook sekere nadele aan so 'n bloemlesing verbonde is. Afgesien daarvan dat so 'n publikasie riskant is vir die uitgewer, is dit moeilik, indien nie onmoontlik nie, om 'n redelike verteenwoordiging van die verslandskap as geheel in so 'n bundel vas te vang. Dit is grotendeels as gevolg van die ruimtebeperking wat die samestellers opgelê word. Daarby voorspel die teoretiese raamwerk van hierdie studie die belangrike rol van die leser as samesteller van die versamelbundel. Aan die een kant is die samesteller, of leser, direk afhanklik van die tekste wat aan hom voorgelê word, en bepaal die anonieme voorleggings die demografie van die deelnemers, maar aan die ander kant keur die samesteller tekste binne die beperkings van sy verwagtingshorison, en is die samesteller as eerste leser, die alleenbepaler van die bundelinhoud.

Die demografiese beeld van die deelnemers is ondersoek na aanleiding van geslag- en rasse-verdeling. In die *Stiebeuel*-bundels en in *Visier* was daar geen swart digters opgeneem nie. Behalwe vir die belowende 25% in *NS 3*, bevat die ander *NS*-bundels almal minder as 10% swart digters. *Nuwe Stemme 3* het sekerlik die sterkste swart digter sedert die millennium aan die verslandskap voorgestel, naamlik Ronelda S. Kamfer.

Die feit dat deelname van swart digters vandag steeds laag is, moet ondersoek word. Dit is moontlik dat die uitnodiging tot voorlegging nie die potensiële swart digters bereik nie. Deelnemende digters het aangedui dat van hul soms “toevallig” die advertensie raakgelees het, of deur 'n kennis daarvan vertel is. Tans word daar hoofsaaklik op *Litnet* en in *Beeld* uitnodigings tot voorlegging geplaas. Alternatiewe bemerkingsmetodes, byvoorbeeld plakkate in winkelsentrums of bushaltes, kan moontlik van nut wees om ander maatskaplike en sosiale groepe te teiken. Die

demografiese verspreiding van voorleggers van gedigte vir *Nuwe Stemme* is ongelukkig nie beskikbaar nie, en die rol wat politiese- en/of maatskaplike aangeleenthede speel, val buite die raamwerk van hierdie studie.

In *Stiebeuel 1* en *2* was daar onderskeidelik 14% en 40% vrouedigters. Die aantal vrouedigters in *Visier* byna 20 jaar later, was min of meer dieselfde, 38%. Die persentasie vroulike digters sedert die verskyning van *NS 1* het min of meer konstant gebly en wissel tussen 38% en 50%. *NS 3* bevat die hoogste persentasie vrouedigters (50%).

Of die bundels demografies verteenwoordigend is van die verslandskap ten opsigte van geslag en ras as demografiese indikatoren, is dus betwyfelbaar. Tog het lesers, d.i. resensente en samestellers, in sekere gevalle aangedui dat die inhoud van die tekste die werklikheid verteenwoordig, en dus die verslandskap weerspieël. Byvoorbeeld is *Visier* deur Hugo (1984) as “inderdaad [...] verteenwoordigend” beskou.

In *Nuwe Stemme 1* is 11 gedigte gemiddeld aan elke digter toegestaan. In *Nuwe Stemme 2* het digters gemiddeld 10 gedigte bygedra. *Nuwe Stemme 3*-digters het tussen 4 en 10 gedigte bygedra (op gemiddeld 6), en *Nuwe Stemme 4*-digters tussen 2 en 6 (op gemiddeld 4). Dit is die kandidaat se opinie dat dit moeilik is vir die leser om redelike digtersprofile te vorm binne die beperkte ruimtes van veral *NS 3* en *4*, en kan die leser nie die essensie van ’n ontluikende digter, ’n nuwe stem, vasvat nie.

Dit sou ook voorkom asof die wyse waarop George Weideman en Anastasia de Vries, en Nèlleke De Jager en Petra Müller te werk gegaan het met die saamstel van *Nuwe Stemme 1 & 2*, die gewenste saamstelwyse vanuit ’n lesersoogpunt is – minder digters is in die bundel opgeneem, maar met ’n ruimer aantal gedigte. Voorkeur is gegee aan die skep van digtersprofile. Dit bied die leser groter geleentheid om ’n geheelbeeld te vorm aangaande ’n spesifieke digter, teenoor die leser wat slegs twee of drie gedigte van ’n digter het om hom op te verlaat.

Deelnemerservaring van *Nuwe Stemme*

Twaalf respondente het 'n vraelys aangaande hul ervaring as *NS*-digter ingevul. Al die respondente het hul ervaring as deel van Tafelberg se *Nuwe Stemme*-projek positief ervaar, en sou ander digters aanmoedig om aan die projek deel te neem. Respondente was oorwegend van mening dat die interaksie tussen samesteller en jong digter te beperk was vir noemenswaardige groei tydens deelname aan die projek, en sou meer insette van die ervare digters as samestellers waardeer het. Slegs 58% van die respondente was van mening dat die bundels verteenwoordigend is van die verslandskap ten tyde van die bundel se verskyning, omrede bundels slegs verteenwoordigend is van die voorleggings wat die samestellers ontvang. Die samesteller se verwagtingshorison speel dus 'n bepalende rol speel in die plasing van tekste in die bloemlesing.

83% van die respondente het ten tyde van die navorsing reeds verder gepubliseer, in koerante of op die internet. Ander respondente is in verskeie *Versindaba*-bundels en die *Groot Verseboek* (Brink, 2008) opgeneem. Respondente het ook gepubliseer in die prosa- en dramagenres.

Meeste respondente is van mening dat die *Nuwe Stemme*-bundels nie meer gereeld as die huidige 4-jaarsiklus uitgegee moet word nie, en dat die uitgawes positief bydra to die nuwe stem se digtersontwikkeling.

Ter afsluiting

Bloemlesings is nooit vry van persoonlike voorkeure of ideologiese beskouings van die samesteller nie. Die moontlikheid bestaan dat die bloemlesing slegs die subjektiewe voorkeure van die samestellers verteenwoordig, en nie noodwendig verteenwoordigend is van die huidige verslandskap nie. Dit is op die siening en voorkeure van die samesteller waarop die leser homself moet verlaat. Dit is belangrik dat die samestellers van hierdie tipe bloemlesing nie “n magsposisie” (Coetzer, 2010) verkry nie. Dit kan daartoe lei dat die poësie van die toekoms die

produkt kan wees van benaderings wat die gevolg was van “bevooroordeelde fabrisering” (Coetzer, 2010).

Nuwe Stemme het ’n laer persentasie digdebute opgelewer as sy voorgangers *Stiebeuel* en *Visier*. Tog is ’n hoër persentasie NS-debuutbundels bekroon met die Ingrid Jonker- en/of die Eugène Marais-prys in vergelyking met die bundels uit *Stiebeuel* en *Visier*. Daarom kan *Nuwe Stemme* met selfvertroue langs sy voorgangers staan as ’n suksesvolle forum vir ontluikende digters.

Die belangrike rol van die *Nuwe Stemme*-reeks op die Afrikaanse verslandskap is verder geaksentueer deur die *Groot Verseboek* wat in 2008 verskyn het met A.P. Brink as samesteller. Dit is noemenswaardig dat tussen 50% en 75% van digters wat deelgeneem het aan die eerste drie uitgawes van *Nuwe Stemme* hierin opgeneem is. Brink het die grense vir kanonisering verskuif deur digters te plaas van wie daar nog geen digdebute verskyn het nie. Brink het hul opname in die voorwoord van Deel 3 van *Groot Verseboek* (2008, Tafelberg) verdedig. “Elke naam is belangrik, elke gedig iets wat onthou moet word deur oog en tong [...] elkeen verdien dit om hier te wees, om redes wat aan haar of hom eie is.”

Die ingeligte leserspubliek bejeen selfpublikasies met agterdog, en in hierdie lig speel versamelbundels vir debutante ’n toenemende belangrike rol. Maar wat van die digters wat nie deur hierdie poorte langs die weg binne gaan nie? Watter rol is daar te speel deur gevestigde digters en uitgewers? Moet ontluikende digters reeds op skoolvlak ondersteun en erken word? Hoe word ’n bewustheid vir dié genre geweek? En waar is die swart Afrikaanse digters, siende dat 54% van Afrikaanssprekendes in 1996 swart was? Die antwoorde op hierdie vrae vorm nie deel van hierdie studie nie, maar verdere navorsing kan lig werp hierop en op die toekoms van die Afrikaanse poësie.

BIBLIOGRAFIE

Anoniem. 1947. “Strewe en verlange van nuwe dekade vertolk” in *Die Vaderland* 25 Januarie.

Anoniem. 1965. “Waarop klim mens met dié stiebeuel?” in *Die Burger* 27 Augustus.

Anoniem. 2008. Forum: ’n Nuwe Stem wat slapende honde. *Die Burger* [aanlyn] 26 Junie. Beskikbaar by: <http://jv.dieburger.com/Stories/Features/18.0.604421238.aspx>
Besoek op 21 Januarie 2009.

Anoniem. 2009. “Staan in die algemeen nader aan vensters” op *Roekeloos*. Beskikbaar by <http://www.roekeloos.co.za/gedigte/staan-in-die-algemeen-nader-aan-vensters>. Besoek op 6 Julie 2010.

Anoniem. 2010. “Melt Myburgh wen die Ingrid Jonker-prys vir 2011” op *Versindaba*. Beskikbaar by: <http://versindaba.co.za/2011/08/10/melt-myburgh-wen-die-ingrid-jonker-prys-vir-2011/>. Besoek op: 30 Julie 2011.

Abrams, M.H. & Harpham, G.G. 2009. *A glossary of literary terms*. California: Wadsworth Publishing.

Adendorff, E. 2003. *Digdebute teen die milleniumwending: ’n Polisistemiese ondersoek*. Ongepubliseerde MA-verhandeling: Universiteit van Stellenbosch.

Bennett, N. 2011. “Donkerkamer ingestel op die visuele” op *Litnet*. Beskikbaar by: http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=108894&cat_id=722. Besoek op: 30 Julie 2011.

Botha, L. 2010. “Kopslae” op *Versindaba* 8 Oktober. Beskikbaar by: <http://versindaba.co.za/2010/10/05/juan-boeliemoer-coetzer-kopslae/>. Besoek op: 16 Januarie 2011.

Brink, A.P. 1985. "Fransman verras met gedigte in Afrikaans" in *Rapport* 3 Februarie p. 16.

Burger, F. 2011. "Oewerbestaan" in *Tydskrif vir Letterkunde* 48 (2) p. 231.

Cilliers, C. 2005. "Nuwe digterstemme ironiseer taal, klink goed op die oor" in *Die Burger* 22 Augustus p. 11.

Cloete, T.T. Botha, E. & Malan, C. (reds.). 1985. *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria: HAUM-Literêr.

Cloete, T.T. (red.). 1992. *Literêre Terme en Teorieë*. HAUM-Literêr. p. 427-429.

Cloete, T.T. 1997. "Dié digters bewys Afrikaans 'n guns" in *Beeld* 8 Desember, p. 10.

Coetzee, A. 2006. "Debuutbundel van ervare digter" in *Die Burger* 23 Januarie, p. 9.

Coetzee, A. 2010. "EEN HART deur Johannes Prins" in *Die Burger* 18 Januarie.

Coetzer, J. 2010. "Kopslae" op *Versindaba* 5 Oktober. Beskikbaar by: <http://versindaba.co.za/2010/10/05/juan-boeliemoer-coetzer-kopslae/>. Besoek op: 16 Januarie 2011.

Coetzer, T. 2009. *Naweek*. Kaapstad: Tafelberg.

Conradie, P. 1998. "Dié bundel is net betyds" in *Insig* Februarie uitgawe, p. 32.

Crous, M. 1998. "Nuwe digters sit voet in die stiebeuel" in *Die Burger* 28 Januarie, p. 16.

Crous, M. 2010. "Nuwe stemme 4: "Jy interteks beautiful met vanwyklouw" op *Litnet* 28 April. Beskikbaar by: www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news

[item&news id=86068&cause id=1270](#). Besoek op: 16 Januarie 2011.

De Wet, K. 2001. “Bundel het aar oopgeboor” in *Beeld* 13 Augustus, p. 9.

De Wet, K. 2004. “’n Woord- en Beeldvonds” in *Beeld* 16 Februarie.

Dreyer, T. 1998. *Erdvarkfontein*. Kaapstad: Tafelberg.

Dreyer, T. 2000. *Stinkafrikaners*. Kaapstad: Tafelberg.

Esterhuizen, L. 2010. “Indeks van poësiepublikasies: 2000-2009” op *Versindaba* 24 Januarie. Beskikbaar by: <http://versindaba.co.za/publikasies/indeks-van-oesiepublikasies-2000-2009/>. Besoek op 1 Augustus 2011.

Esterhuizen, L. 2011. “Alfred Schaffer skryf oor Ronelda Kamfer se nuutste bundel” op *Versindaba* 20 Julie. Beskikbaar by: <http://versindaba.co.za/2011/07/20/louis-esterhuizen-alfred-schaffer-skryf-oor-ronelda-kamfer-se-nuutste-bundel>. Besoek op 1 Augustus 2011.

Gouws, T. 1995. “Opgewondendheid oor digdebuut taan gou” in *Beeld*, 10 April.

Grové, A.P. 1965. “Jong digters span saam in *Stiebeuel 2*” in *Die Vaderland*, 4 Junie.

Hambidge, J. 2001. “Nuwe digters bring langverwagte bloedoortapping” in *Die Burger* 18 Junie, p. 9.

Hambidge, J. 2003 “Debuutbundel het baie goed geveer” in *Rapport* 13 April, p. 16.

Hambidge, J. 2005a. “Jong digters wil breek met tradisie” in *Volksblad* 16 Mei, p. 8.

Hambidge, J. 2005b. “Tydsdokument ’n stukkie Africana” in *Volksblad* 23 Mei.

Hambidge, J. 2005c. “Nuwe stemme: nog ’n mening” in *Rapport Perspektief*, 12

Junie, p. 5.

Hambidge, J. 2010a. “Oogensiklopedie gee nie sommer sy geheime prys nie” op *Litnet*. Beskikbaar by: http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=80609&cat_id=558. Besoek op 6 Julie 2011.

Hambidge, J. 2010b. “Nuwe Stemme 4 is ’n 4x4” op *Versindaba*. Beskikbaar by: <http://versindaba.co.za/2010/05/04/joan-hambidge-nuwe-stemme-4/>. Besoek op 6 Julie 2011.

Holub, R.C. 1984. *Reception Theory: A Critical Introduction*. London and New York: Methuen.

Hough, B. 1986. *My kat word herfs*. Kaapstad: Tafelberg.

Hugo, D. 1984. “Digtters debuteer in versamelbundel” in *Die Volksblad*, 13 Desember, p. 6.

Hugo, D. 2006. “Buitengewone debuut verwoord buitelanderskap” op *Litnet*. Beskikbaar by: http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&news_id=3605&cause_id=1270. Besoek op: 6 Julie 2011.

Iser, W. 1978. *The Act of Reading: A Theory of Aesthetic Response*. Routledge and Kegan Paul, Londen.

Jauss, H. R. 1970. *Literaturgeschichte als Provokation*. Frankfurt a.M.: Suhrkamp.

Jauss, H. R. 1975. “Zur Fortsetzung des Dialogs zwischen ‘bürgerlicher’ und ‘materialistischer’ Rezeptionsästhetik”. In: *Rezeptionsästhetik: Theorie und Praxis*. Warning, R. (red.). Munich.

Jauss, H. R. 1982. *Toward an aesthetic of reception*. Vertaal uit Duits deur Timothy Bahti. Minneapolis: University of Minnesota Press.

Jordaan, M. 2005. “Krog en Schaffer laat *Nuwe Stemme 3* praat” in *Die Burger 2* April, p. 5.

Jordaan, W. 2002. “Nuwe stemme moet letterkunde ook vernuwe” in *Die Burger 4* April 2002 p. 13.

Kannemeyer, J.C. 1983. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur*. Band II. Pretoria, Kaapstad, Johannesburg: Academica.

Kannemeyer, J. C. 1996. “Stiebeuel het puik debutante gelewer” in *Die Burger* p.11, September 1996.

Le Roux, A. 1985. “Nuwe digters ‘nie te veel; nie genoeg’” in *Oosterlig* Jaargang 48, 28 Maart, p. 15.

Liebenberg, D. 2010. “Raak die hart aan” in *Die Volksblad* 22 Februarie.

Louw, W.E.G. 1947. “Van die stiebeuel in die saal” in *Standpunte 2* (1): 60-68 Januarie.

Malan, L. 1998. “Ryk verskeidenheid nuwe stemme kan lei tot debute” in *Rapport 25* Januarie, p. 30.

Marais, J.L. 2001. “Die Letterkundige Laboratorium van die Universiteit van Stellenbosch (1960 – 1984)” in *Stilet* Jg. 13 – Maart, p. 92.

Miles, J. 1970. *Liefs nie op straat nie*. Kaapstad: Buren.

Naudé, C-P. 2004. “Moenie aan jong digters voorskryf” in *Beeld* 22 Oktober, p. 13.

Naudé, C-P. 2008. “Reaksie op Leti Kleyn se bestekopname” op *Litnet*. Beskikbaar by: http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&news_id=50866&cause_id=1270. Besoek op: 6 Julie 2010.

Naudé, C-P. 2009. “*Bloot mens bevredig*” op *Litnet*. Beskikbaar by: http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=76680. Besoek op 6 Julie 2010.

Naudé, C-P. 2011. “’n Ander mening: Die lewe tussen pikkewyne” in *Beeld* 7 Augustus, p. 17.

Nieuwoudt, S. 2001. “2 Beeld-verslaggewers debuteer in digbundel *Nuwe Stemme 2*” in *Beeld* 18 Mei, p. 5.

Odendaal, B.J. 2006. Tendense in die Afrikaanse poësie in die tydperk 1998 tot 2003. In: Van Coller, H.P. (red.). 2006. *Perspektief en profiel*, deel 3. Pretoria: Van Schaik: p. 105-110.

Odendaal, B.J. 2004. “Debuutbundel is soms uitdagend” in *Volksblad* 2 Augustus, p. 6.

Odendaal, B.J. 2010. “Nuwe Stemme 4” op *Versindaba*. Beskikbaar by: <http://versindaba.co.za/2010/04/16/nuwe-stemme-4/>. Besoek op: 6 Julie 2011.

Olivier, F. 1999. G.A. Watermeyer (1917-1972). In: Van Coller, H.P. (red.). 1999. *Perspektief en profiel*, deel 2. Pretoria: J.L. van Schaik: p. 757-763.

Pienaar, H. 2005. “Doodloopstraat vir stemmige stemmetjies” in *Rapport Perspektief*, 5 Junie, p. 4.

Prins, J.D. 2001. “Waar is die vroue?”. op *Oulitnet: Seminaarkamer*. Besikbaar by: <http://www.oulitnet.co.za/seminaar/08stemme.asp>. Besoek op 7 Maart 2009.

Rabie, J. S. 1985. “Update on Uys and new work by Breyten” in *The Cape Times*, 3 April, p. 10.

Segers, R.T. 1978. *Receptie-estetika – grondslagen, teorie en toepassing*. Huis aan de drie grachten, Amsterdam.

Smuts, S.E. 2001. “*Nuwe Stemme 2 se eiesinnige stemme*”. Litnet: Seminaarkamer.

Snyman, H. 2001. “Nuwe stemme het meriete, maar verdien ook klappe” in *Rapport* 26 Augustus 2001.

Spies, L. 2008. “Onbedoelde poësie: Bernard Odendaal se *Onbedoelde land*” op *Litnet*. Besikbaar by: http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&news_id=32972&cause_id=1270. Besoek op: 6 Julie 2010.

Strauss, P. 2003. *Fluitwiel!* Pretoria: Lapa Uitgewers.

Swanepoel, E. 1984. “Agt belowende digters debuteer in deelbundel” in *Die Oosterlig* 28 Desember, p.12.

Van Coller, H.P. 2001. “Debuutstemme laat poësie lééf” in *Volksblad* 13 Augustus.

Van Coller, H.P. (red.). 2006. *Perspektief en Profiel 3*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Van der Merwe, C.M. 1988. *Die poësie van Lina Spies: “Sitate Poste Restante”*. Proefskrif ter vervulling van doktorsgraad.

Van Gorp, H. et al (reds). 1984. *Lexicon van literaire termen*. Leuven, België: J.B. Wolters.

Van Zyl, A. 1965. “Minagting vir poësie, vir digterskap” in *Volksblad* 27 September.

Visagie, A. 2010. “NUWE STEMME 4, saamgestel deur Danie Marais en Ronel de Goede” in *Die Burger: Boekeblok* 25 April.

Visagie, A. 2011. “Fourie Botha se pragdebuut” op *SLiPnet*. Beskikbaar by: <http://slipnet.co.za/view/reviews/fourie-botha-se-pragdebuut/>. Besoek op 10 September 2011.

Wellek, R. & Warren, A. 1986. *Theory of Literature*. Harmondsworth: Penguin Books.

Digbundels waarna verwys word

Bekker, P. 1965. *Die klip sing*. Kaapstad: Nasional Boekhandel.

Bosman, M. 2002. *Landelik*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Botes, D.P.M. 1966. *Wat is 'n gewone man*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-boekhandel.

Botha, F. 2011. *Donkerkamer*. Kaapstad: Queilleries Uitgewers.

Brink, A.P. (samesteller). 2000. *Groot Verseboek*. Kaapstad: Tafelberg.

Brink, A.P. (samesteller). 2008. *Groot Verseboek*. Kaapstad: Tafelberg.

Buys, P.W. 1977. *Pleroma*. Johannesburg: Boekhandel de Jong.

Clark, C. 1995. *Tjenkerientjee se oog is swart*. Kaapstad: Tafelberg.

Coetzee, J.C. 1986. *Reisiger in vlamgebied*. Kaapstad: Tafelberg.

Cussons, S. 1970. *Plektrum*. Kaapstad: Tafelberg.

Cussons, S. 1978a. *Die swart kombuis*. Kaapstad: Tafelberg.

Cussons, S. 1978b. *Verf en vlam*. Kaapstad: Tafelberg.

Cussons, S. 1979a. *Die skitterende wond*. Kaapstad: Tafelberg.

Cussons, S. 1979b. *Die sagte sprong*. Kaapstad: Tafelberg.

Cussons, S. 1980. *Die somerjood*. Kaapstad: Tafelberg.

Cussons, S. 1981. *Die woedende brood*. Kaapstad: Tafelberg.

Cussons, S. 1982. *Gestaltes*. Kaapstad: Tafelberg.

Cussons, S. 1983. *Verwikkelde lyn*. Kaapstad: Tafelberg.

Cussons, S. 1984. *Membraan*. Kaapstad: Tafelberg.

Cussons, S. 1985. *Poems: a selection*. Kaapstad: Tafelberg.

Cussons, S. 1988. *Die heilige modder*. Kaapstad: Tafelberg.

Cussons, S. 1990. *Die knetterende woord*. Kaapstad: Tafelberg.

Cussons, S. 1997. *'n Engel deur my kop*. Kaapstad: Tafelberg. Saamgestel deur Amanda Botha.

Cussons, S. 2000. *Die asem wat ekstase is*. Kaapstad: Tafelberg. Saamgestel deur Amanda Botha.

Cussons, S. 2006. *Versamelde gedigte*. Kaapstad: Tafelberg.

De Jager, N. & Müller, P. 2001. *Nuwe Stemme 2*. Kaapstad: Tafelberg.

De Villiers, I.L. 1972. *Leitourgos*. Kaapstad: Tafelberg.

De Vries, A. & Weideman, G. 1997. *Nuwe Stemme 1*. Kaapstad: Tafelberg.

Dönges, S. 2004. *In die tyd van uile*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Fryer, C. & Müller, P. 1984. *Visier: agt nuwe digters*. Kaapstad: Tafelberg.

Gibson, G. 2005. *boomplaats*. Kaapstad: Tafelberg.

Gibson, G. 2007. *Kaplyn*. Kaapstad: Tafelberg.

Gibson, G. 2009. *Oogensiklopedie*. Kaapstad: Tafelberg.

Kamfer, R.S. 2008. *Noudat slapende honde*. Kaapstad: Kwêla Boeke.

Kamfer, R.S. 2011. *grond/Santekraam*. Kaapstad: Kwêla Boeke.

Knobel, W. 1966. *Bloedsteen*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Krog, A. 1970. *Dogter van Jefta*, Kaapstad: Human & Rousseau.

Krog, A. & Schaffer, A. 2005. *Nuwe Stemme 3*. Kaapstad: Tafelberg.

Marais, A. 1988. *Die wolf in die blare*. Kaapstad: Tafelberg.

Marais, D. 2006. *In die buitenste ruimte*. Kaapstad: Tafelberg.

Marais, D. 2009. *Al is die maan 'n misverstand*. Kaapstad: Tafelberg.

Marais, D. & De Goede R. 2010. *Nuwe Stemme 4*. Kaapstad: Tafelberg.

Marais, L. 2009. *Staan in die algemeen nader aan vensters*. Kaapstad: Tafelberg.

Miles, J. & Coetzee, A.J. 1970. *Drumpel*. Johannesburg: Taurus.

Myburgh, M. 2010. *Oewerbestaan*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Nel, G. V. 1995. *Om te lewe is onnatuurlik*. Kaapstad: Tafelberg.

Odendaal, B. J. 2007. *Onbedoelde land*. Kaapstad: Tafelberg.

Opperman, D.J. & Le Roux, F.J. 1946. *Stiebeuel – 'n bloemlesing*. Kaapstad: Nasionale Pers.

Opperman, D.J. & Le Roux, F.J. 1965. *Stiebeuel 2 – 'n bloemlesing*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Prins, J. 2009. *Een hart*. Pretoria: Lapa Uitgewers.

Pienaar, H. 2003. *Die taal van voëls*. Self-publikasie.

Riekert, D.W. 1986. *Heuning uit die swarthaak*. Kaapstad: Tafelberg.

Rousseau, I. 1954. *Die verlate tuin*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Rudolph, C. F. 1964. *Tieroog*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.

Smit, B. 1950. *Mure: Verse*. Pretoria: Unie Boekhandel.

Smit, R. 1987. *Krone van die narsing*. Kaapstad: Tafelberg.

Smit, R. 2008. *Die begeleiding van duiwe*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Spies, L. 1971. *Digby vergenoeg*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Stenvert, M. 1986. *Vrugvlies*. Kaapstad: Tafelberg.

Stenvert, M. Venter, P.A. de W. & Botes, D.P.M. 1966. *Klawer*. Kaapstad: HAUM.

Toerien, B.J. 1960. *Gedigte*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Truter, H.W. 1972. *Kleinhoewe*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Van Heerden, E. et al. 1981. *Brekfis met vier*. Belville: Skoppensboer.

Van der Westhuyzen, I. 1959. *Kinders van die Stad*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Van Staden, I. 2003. *Watervlerk*. Kaapstad: Tafelberg.

Van Wyk Louw, N.P. 1941. *Raka*. Kaapstad: Nasionale Pers.

Van Zyl, J. 2011. *Die lewe tussen pikkewyne*. Kaapstad: Tafelberg.

Van Zyl, W. 1991. *Oggendvuur*. Kaapstad: Tafelberg.

Venter, de Waal P.A. 1963. *Kiem*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Walters, M.M. 1967. *Cabala*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Watermeyer, G.A. 1948. *Sekel en simbaal*. Kaapstad: Nasionale Pers.

Wierenga, J. 2009. *Bloot mens*. Pretoria: Protea Boekhuis.